



Western Cape
Government

KURRIKULUM VOO EKONOMIE

TUTORHANDLEIDING
KWARTAAL 1 - 2025



BACK ON TRACK PROGRAM GRAAD 12



Western Cape
Government

QUALITY EDUCATION

for every child | in every classroom | in every school in the province.

Tutormateriaal

Hoofonderwerp: Makro-ekonomie

Inleiding

Welkom by ons eerste tutor sessie vir jaar.

Vandag gaan ons begin met Onderwerp 1 Makro-ekonomie.
Makro-ekonomie bestaan uit VIER onderafdelings naamlik:

1. Ekonomiese kringloop
2. Sakesiklusse
3. Publieke sektor
4. Buitelandse Valuta markte

Volgens die Jaarlikse Onderrigplan moet julle nou klaar wees met Ekonomiese kringloop en dit is wat ons vandag gaan hersien.

Nou kom ons kyk na wat sê die Eksamenriglyn.

Dit is 'n baie belangrike dokument want hierdie dokument sê vir jou wat jy moet ken. Kom ons kyk gou na die deel in die eksamenriglyn wat handel oor die ekonomiese kringloop.

EKONOMIESE KRINGLOOP

SUBONDERWERP 1: EKONOMIESE KRINGLOOP VRAESTEL 1	
Stel die ekonomiese kringloop as 'n makro-ekonomiese model voor:	(Fokus: Relevante begrippe, onderlinge verhoudings tussen deelnemers, markte, vloei, inspuitings, lekkasies en ewewig in die ekonomie)
1.1 Die oop ekonomiese-kringloop-model	• Beskryf kortliks die begrippe verwant aan die ekonomiese kringloop • Teken en interpreteer 'n oop viersektor-ekonomiese kringloopdiagram • Bespreek die 4 deelnemers en die onderlinge verhoudings tussen hulle: - Huishouding, sakesektor, owerheid en buitelandse sektor - Reële vloei en geldvloei - Toon die verhouding van die finansiële sektor in die ekonomiese kringloop
- Vergelykings	• Regverdig die ewewig: $L = J$ en dui sy komponentelemente aan: - Inspuitings ($J = I + G + X$) - Lekkasies ($L = S + T + M$) • Kort verduideliking van 'n ekonomie in ewewig: - $Y = C + I + G + (X - M)$ • Verbind totale verbruiksbesteding aan inkome • Verduidelik begrippe outonome verbruik en marginale verbruiksgeneigdheid (mvg)

- Markte	• <u>Bespreek in detail</u> die markte in die VIER-SEKTOR model - Faktormarkte: (arbeid, hulpbron, kapitaal) - Produktemarkte: (verbruiks- en kapitaal-goedere, duursaam, semi-duursaam en nie-duursaam) - Finansiële mark (geld en kapitaal) - Buitelandsevaluta-mark - Verbind die funksionering van finansiële en buitelandsevaluta-markte aan die deelnemers van die ekonomiese kringloop Dit is geïdentifiseerde opstel. Werk die opstel uit in jou werkboek. Dit maak dit makliker om te leer.
1.2 Nasionale Rekeninge Groottotale	(Fokus: Relevante begrippe, afleidings, interpretasie, ontleding van totale en omskakelings) • Beskryf kortliks die begrippe BBP en BNP • Beskryf kortliks die DRIE metodes om BBP te bepaal met die gebruik van data-tabelle: - Produksie BBP(P) - Inkome BBP(I) - Besteding BBP(E) • Ontleed, interpreteer en lei totale in data-tabelle af
Nasionale rekening-omskakelings	• Ontleed die Nasionale Rekening omskakelings: - Faktorkoste, basiese pryse, markpryse - Belasting en subsidies op produksie - Belasting en subsidies op produkte - BBP na BNP • Verduidelik die doel met die Stelsel van Nasionale Rekeninge (SNR) soos deur die Verenigde Nasies (VN) uiteengesit
1.3 Die vermenigvuldiger	(Fokus: Relevante begrippe, berekeninge, interpretasie of grafiese verduideliking, aflei en toepas) • Beskryf kortliks die begrip vermenigvuldiger • Verduidelik die vermenigvuldigerproses. (Koppel aan ekonomiese kringloop en voorbeelde). • Bereken die waarde van die vermenigvuldiger deur die basiese formules te gebruik (2-sektor model): - $\frac{1}{1-mvg}$ - $\frac{1}{msg}$ - $\frac{\Delta Y}{\Delta E}$ • Toepassing van die basiese formule (2-sektor model) • 'n Kort verwysing na die impak van 'n 3-sektor en 4-sektor ekonomie op die waarde van die vermenigvuldiger • Verduidelik die vermenigvuldiger met die gebruik van 'n goedbenoemde grafiek.

1. Die 2021-eksamenriglyne is 'n **baie belangrike dokument**.
2. Die eksamenriglyne lei ons **wat om te leer** en **hoe om onself voor te berei** vir toetse en eksamens.
3. Dit sal 'n goeie praktyk wees om die **dokument elke dag en tydens die studie by u te hou**.

LET WEL:

Alle onderwerpe waar '**bespreek in detail/ondersoek in detail/vergelyk en onderskei in detail**' voorkom, moet as opstelonderwerpe beskou word.

Formaat van die vraestel (Junie, September en NSS)

- Elke vraestel tel 150 PUNTE.
- Die tydsduur van **elke vraestel is 2 URE**.
- Elke vraestel bestaan uit **SES VRAE**, wat in DRIE afdelings ingedeel is.

Van die ses vrae moet slegs VIER IN TOTAAL soos volg beantwoord word:

- **AFDELING A:** VRAAG 1 is VERPLIGTEND.
- **AFDELING B:** Bestaan uit DRIE vrae: VRAAG 2, 3 en 4 waarvan die kandidaat slegs TWEE moet kies. **(As jy AL DRIE vrae BEANTWOORD, sal SLEGS die EERSTE TWEE vrae nagesien word).**
- **AFDELING C:** Bestaan uit TWEE vrae: VRAAG 5 en 6 waarvan die kandidaat slegs EEN moet kies. **(As jy ALTWEE vrae beantwoord, sal SLEGS EERSTE vraag nagesien word).**

INSTRUKSIES met betrekking tot die vraestel.

Die volgende is baie belangrik

1. **Lees die instruksies** op/binne die **voorblad** deeglik. - leerders verloor punte as hulle nie die instruksies nakom nie.
2. **Lees die instruksies by elke vraag** - dit vertel wat van jou verwag word.
3. **Nommer jou antwoorde in ooreenstemming met die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik word** - baie leerders verloor punte in toetse en eksamens as gevolg van verkeerde nommering. Jou antwoord mag miskien korrek wees, maar as dit teenoor die verkeerde nommer geskryf word, word dit verkeerd gemerk.
4. **Skryf slegs met 'n blou en / of swart pen.**
5. **Moenie met potlood skryf nie.** Enige antwoorde in potlood sal as 'n **eksamen onreëlmatigheid** beskou word.
6. **Gebruik slegs 'n potlood om grafieke, sketse, illustrasies, kurwes, ens. te teken** (etikette moet in pen wees)

BAIE BELANGRIK!!! VOOR DIE AANVANG VAN DIE EKSAMEN

Voor die aanvang van die eksamen kry kandidate **10-minute om deur die vraestel te lees.**

- **Gebruik hierdie 10-minute om deur afdeling B te lees.**
- Bestudeer die vrae in afdeling B en besluit watter vrae jy die beste sal kan beantwoord.
- Kies die TWEE vrae wat jy die beste sal kan beantwoord, met ander woorde kies die vrae wat vir die meeste punte sal besorg.

KLASSIFIKASIE VAN ONDERWERPE VIR DIE GRAAD 12-EKONOMIE-VRAESTELLE

Die vraestelle vir ekonomie-eksamens en toetse word op 'n spesifieke manier saamgestel.

Die onderwerpe en inhoud en in watter vraestel kom dit voor.

VRAESTEL 1
150 PUNTE – 2 URE

HOOFONDERWERP:
MAKRO-EKONOMIE

HOOFONDERWERP:
EKONOMIESE STREWES

SUBONDERWERPE:

- Ekonomiese kringloop
- Sakesiklusse
- Openbare sektor
- Buitelandse valuta-markte

SUBONDERWERPE:

- Beskerming en vryhandel
- Groei en ontwikkeling
- Nywerheidsontwikkelings- beleide
- Ekonomiese en sosiale prestasie-aanwysers

Hoe en waar kom die inhoud in die vraestel voor

Bv. Makro-ekonomie kom in Afdeling A, B en C voor.

Afdeling A = Vraag 1: Dek inhoud van Makro-ekonomie en Ekonomiese Strewes

Afdeling B – Vraag 2 en 4 dek Makro-ekonomie

Afdeling C = Vraag 5 dek Makro-ekonomie

Bv. Ekonomiese Strewes kom in Afdeling A, B en C voor.

Afdeling A = Vraag 1: Dek inhoud van Makro-ekonomie en Ekonomiese strewes

Afdeling B – Vraag 3 en 4 dek Ekonomiese Strewes

Afdeling C = Vraag 6 dek Ekonomiese Strewes

Dit is belangrik dat jy dit moet weet hoe die vraestel lyk.
Jy weet nou hoe die inhoud in die vraestel gedek word.
Nou weet jy hoe om jou vrae te kies.

AFDELING A

(Hierdie vraag is **verpligtend** en **moet deur alle kandidate voltooi word**).

- Jy moet die **ekonomiese begrippe / terminologie** en die definisies en / of beskrywings moet ken. (Neem kennis dat begrippe/terminologie ook in **Afdelings B en C** geassesseer word.)
- **Probeer** om al die vrae te beantwoord, **selfs al ken u nie die antwoord nie**.
- As u **onseker is oor die antwoord**, gaan voort met die skryf van die eksamen en keer terug na die vraag aan die einde van die eksamen. Dit kan wees dat u leidrade vind vir die onbeantwoorde vraag wanneer u met die toets / eksamen voortgaan. (Onthou om reëls hiervoor oop te laat - dit maak dit maklik om te sien waar u antwoorde moet invul as u moet terugkeer.
- Indien u nie die antwoord ken nie, **neem 'n geleerde raaiskoot**.
- **Dit is belangrik om op die volgende te let:** indien u vrae onbeantwoord laat, sal u geen punte kry nie. As u egter 'n antwoord skryf wat ekonomies sinvol is en /of die vraag beantwoord, mag u dalk punte kry.

VRAAG 1

1.1 Veelvoudige keuse vraag

- 1.1 **Verskeie opsies** word as **moontlike antwoorde** op die volgende vrae **gegee**. **Kies die antwoord** en **skryf slegs die letter (A–D)** langs die **vraagnummers** (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.9 D.

Hoe beantwoord ek 'n veelvoudige keuse vraag?

- Lees die vraag / **stelling** deeglik deur voordat u dit probeer beantwoord.
- VIER opsies word as moontlike antwoorde op 'n vraag of stelling gegee.
- Daar word van kandidate verwag om slegs **EEN opsie / moontlike antwoord** te kies en om slegs een letter langs die vraagnommer neer te skryf.
- Slegs **EEN opsie / moontlike antwoord per vraag word aanvaar**. As meer as een opsie / antwoord geskryf word, sal **albei verkeerd gemerk word**.

Voorbeeld

- 1.1.1 Daar word ook na nasionale produk teen konstante pryse verwys as ... syfers.

A nominale
B reële ✓✓
C mark
D nasionale

Skryf metode:

- 1.2.1 B ✓✓
1.2.2 C/B X

1.2 Pasitems

- Lees die vraag noukeurig deur .
- Die **Term / konsep** word in **KOLOM A** gegee en die **BESKRYWING** word in **KOLOM B** gegee.
- Daar word van leerders verwag om die beskrywing in KOLOM B langs die Term / Konsep in KOLOM A te pas / verskaf.
- **Slegs EEN keuse / opsie / moontlike antwoord** word per Term / Konsep aanvaar. Bv. **Vraagnommer 1.2.1 A en nie 1.2.1 A of G nie** - Slegs EEN keuse uit KOLOM B word aanvaar vir die ooreenstemmende term / konsep in KOLOM A.
- **Indien twee antwoorde gekies word, sal albei verkeerd gemerk word.**

Voorbeeld

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A-I) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, Bv. 1.2.9 A.

KOLOM A	KOLOM B
1.2.1 Monetaristiese benadering	A. Word veroorsaak deur veranderinge in die bou- en konstruksie-bedryf
1.2.2 Kuznets-siklus	B. Beraam syfers of neigings in die toekoms uit feite wat bekend is
	C. Markte is inherent stabiel

ANTWOORDE

KOLOM A	KOLOM B
1.2.1 Monetaristiese benadering	C. Markte is inherent stabiel
1.2.2 Kuznets-siklus	A. word veroorsaak deur veranderinge in die bou- en konstruksie-bedryf

Skryf metode:

1.2.1 C ✓✓

1.2.2 A/B X

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings.

- 'n **Beskrywing word gegee** en daar word van die kandidate verwag om **slegs EEN term vir die beskrywing te gee**.
- **Leerders mag nie antwoorde in die vorm van afkortings, akronieme en voorbeelde verskaf nie**.
- Indien leerders afkortings, akronieme en voorbeelde vir hierdie vraag in die toets of eksamen gebruik, verbeur hulle die punte.

Voorbeeld

1.3. Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.3.1. tot 1.3.6) neer, bv. 1.3.7 Ekonomie. Afkortings, akronieme en voorbeelde sal NIE aanvaar word NIE

1.3.1 Die sektor wat ingesluit moet word sodat die ekonomie as 'n oop ekonomie beskou kan word

Buitelandse sektor / Internasionale sektor ✓

1.3.2 Die totale waarde van alle finale goedere en dienste geproduseer binne die grense van 'n land, gewoonlik een jaar.

BBP X (Antwoord moet uitgeskryf geword om punt te verkry)

Antwoord moet soos volg geskryf word: Bruto Binnelandse Produk ✓

AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

- Kandidate kry **DRIE vrae** waarvan hulle **slegs TWEE moet beantwoord**.
- **Indien kandidate AL DRIE vrae in hierdie afdeling beantwoord**, sal slegs die **eerste TWEE vrae nagesien** word, selfs al blyk dit dat die leerder beter in die derde vraag gevaar het. Leerders moet aangesê word om die instruksies te volg.
- Wanneer kandidate meer as die verwagte aantal vrae beantwoord, word 'n rooi lyn deur die oortollige antwoord getrek en die woorde **'TE VEEL VRAE'** word by die oortollige antwoord / vraag geskryf.

Beantwoording tegniek

Werkwoorde wat verwag kan word:

- **Wat?**
 - Hierdie tipe moet vraag georiënteerd beantwoord word.
 - Bv. Wat kan die regering doen om ...?
- **Waarom?**
 - Hierdie tipe moet vraag georiënteerd beantwoord word.
 - Bv. Waarom ontstaan daar ...?
- **Hoe?**
 - Hierdie vraag het 'n vorm van toepassing wat moet plaasvind. Moet seker maak waarop word in die vraag gefokus.
 - Baie kere is hierdie ook 'n vraag om te sien hoe om probleme in die ekonomie op te los.
 - Bv. Hoe kan die verbruiker besteding in die ekonomie verhoog?
- **Verband**
 - Wat is die skakel tussen die twee onderwerpe wat in die vraag voorkom.
 - Of hoe jy dit kan stel hoe word die twee onderwerpe met mekaar verbind.
 - Verduidelik die verband tussen mikro- en makro-ekonomie.
- **Ontleed/Analiseer**
 - Hierdie tipe vraag fokus op die positiewe en/of negatiewe van die onderwerp wat gevra word.
 - Albei kante moet in die antwoord verduidelik word.
 - Dit kan gesien word as die positiewe invloed wat dit het of die voordeel wat voortspruit. Dieselfde met die negatiewe/nadeel kant.
- **Evalueer**
 - Hierdie tipe vraag is kan jy die positiewe(suksesse) en/of die negatiewe(mislukkings) verduidelik.
 - Hier van die fokus op wat is die **IMPAK OP DIE EKONOMIE**.

Met al hierdie tipe vrae wat beantwoord word moet jy die volgende vrae vir jouself vra:

- Is my antwoord relevant tot die vraag? Word die onderwerp aangeraak?
- Is my antwoord relevant tot die ekonomie? Ekonomie in breë terme kan gekyk word na die drie pilare waarop dit staan, Menslik/Sosiaal, Omgewing en Ekonomie/Finansieël.

VRAAG 2.1, 3.1 and 4.1

Beantwoord die volgende vrae.

VRAAG 2.1.1; 3.1.1 en 4.1.1.

Dit is lys en noem vrae.

Hier kan jy jou antwoorde in puntsgewys kolpuntvorm) skryf.

Hierdie tipe vrae is van toepassing op **Vrae 2.1.1; 3.1.1 en 4.1.1**

VOORBEELD

2.1.1 Noem TWEE tipes sakesiklusse.

(2 × 1) (2)

- Kitchin
- Jugler
- Kuznets
- Kondratieff
- Bousiklusse

(Enige 2 × 1)

VRAAG 2.1.2; 3.1.2 en 4.1.2

Dit is Verduidelik, Hoe, Wat, Hoekom tipe vrae.

Die antwoorde op hierdie vrae moet in volsinne geskryf word.

Hierdie tipe vrae is van toepassing op **Vrae 2.1.2; 3.1.2 en 4.1.2**

VOORBEELD

2.1.2 Waarom voorsien die regering meriete goedere?

(1 × 2) (2)

Dit sal ondervoorsien word as dit oorgelaat word aan die private sektor.
(Aanvaar enige ander relevante en korrekte antwoord.)

VRAAG (2.2; 2.3); (3.2, 3.3) ; (4.2, 4.3):
DATARESPONS-VRAAG


- Al DRIE Vrae in Afdeling B het TWEE datarespons-vrae wat elk 10 punte tel.
- Dit is **belangrik om daarop te let** dat die vrae soms baie min met die uittreksel te doen het, veral die eerste vraag.
- Die uittreksel / prent / spotprent / tabel / diagram, ens is bloot 'n manier om die konteks van die inhoud aan kandidate te gee. Dit dien bloot as 'n inleiding tot die onderwerp of 'n stimulus.

2.2.1 / 2.3.1 3.2.1 / 3.3.1 4.2.1 / 4.3.1	• Dit is lae-orde vrae. • Die antwoorde op hierdie vrae mag of mag nie uit die uittreksel / grafiek / strokiesprent, ens. kom nie. • Kandidate hoef nie hul antwoorde in volsinne te skryf.	(1)
2.2.2 / 2.3.2 3.2.2 / 3.3.2 4.2.2 / 4.3.2	• Dit is lae-orde kognitiewe. • Die antwoorde op hierdie vrae mag of mag nie uit die uittreksel / grafiek / strokiesprent, ens. kom nie. • Kandidate hoef nie hul antwoorde in volsinne te skryf.	(1)
2.2.3 / 2.3.3 3.2.3 / 3.3.3 4.2.3 / 4.3.3	• Hierdie vrae is gewoonlik beskrywende-tipe vrae - terminologie. • Daar word normaalweg van kandidate verwag om 'n term / konsep kortliks te beskryf. • Kandidate moet hul antwoorde in volsinne skryf.	(2)
2.2.4 / 2.3.4 3.2.4 / 3.3.4 4.2.4 / 4.3.4	• Dit is Hoe / Waarom / Wat / Verband, tipe vrae. • Dit is normaalweg middel-orde kognitiewe vrae. • Hierdie vrae sluit in, maar is nie beperk tot die teken van grafieke, tekeninge, feite-gebaseerde, ens. vrae nie. • Kandidate moet hul antwoorde in volsinne skryf.	(2)
2.2.5 / 2.3.5 3.2.5 / 3.3.5 4.2.5 / 4.3.5	• Dit is Hoe / Waarom /Watter tipe vrae. • Dit is hoë-orde kognitiewe vrae. • Hierdie vrae vereis dat kandidate moet kan evalueer / analiseer / ondersoek, ens. • Kandidate moet hul antwoorde in volsinne skryf en hul eie mening / begrip oor die vraag gee. • Baie punte gaan verlore as gevolg van die verkeerde interpretasie van die vraag of om nie die vraag te beantwoord nie. Kandidate moet die volgende vermy wanneer hulle hierdie vraag beantwoord: ○ Leerders mag nie net hul antwoorde noem nie - kry slegs 1 punt ○ Mag nie net voorbeelde verskaf nie – kry slegs 1 punt ○ Wanneer die voorbeeld in 'n volledige sin verduidelik word, word 2 punte toegeken	(4)

VOORBEELD

EKONOMIESE KRINGLOOP

2.2. Bestudeer die diagram hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



- 1.1 Wat word in bostaande diagram voorgestel? (1)
Ekonomiese kringloop / Twee-sektor model
- 1.2 Noem die tipe inkomste wat huishoudings vanaf faktormark ontvang. (1)
Lone
Salarisse
- 1.3 Beskryf kortliks die term *ekonomiese kringloop*. (2)
Dit is 'n vereenvoudiging van die werking van die ekonomie en die verhoudinge tussen inkome, produksie en besteding in die ekonomie as 'n geheel.
(Aanvaar enige ander korrekte en toepaslike antwoord.)
- 1.4 Bespreek die rol van die faktormark in die ekonomiese kringloop. (2)
In die faktormark word produksiefaktore verhandel bv. grond vir huur, arbeid vir lone en salarisse, entrepreneurskap vir wins en kapitaal vir rente. Huishoudings verkoop hulle produksiefaktore in die faktormark en ontvang 'n inkome
Besighede koop produksiefaktore van die faktormark en die faktor mark ontvang 'n inkome.
(Aanvaar enige ander korrekte en toepaslike antwoord.)
- 1.5 Waarom beïnvloed gebrek aan onderwys die faktormark? (2x2)(4)
Die kennis en vaardighede van werkers wat in die arbeidsaanbod beskikbaar is, is 'n belangrike bepalende faktor vir sowel die sake groei as die ekonomiese groei.
Die produktiwiteit van 'n ekonomie styg namate die aantal opgeleide werkers toeneem omdat geskoolde werkers take doeltreffer kan verrig.

Onsuksesvolle ekonomie het min werkers wat in staat is om bedrywe te bedryf op 'n vlak waar dit 'n mededingende voordeel bo die ekonomieë van ander lande inhou.

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)

VRAAG: 2.4 / 3.4 / 4.4

- Dit is **Hoe / Waarom / Wat, tipe vrae**.
- Dit is normaalweg **middel-orde kognitiewe** vrae.
- Hierdie vrae sluit in, maar is nie beperk tot die teken van grafieke, tekeninge, feite-gebaseerde, ens. vrae nie.
- Kandidate moet hul antwoorde in volsinne skryf.

VOORBEELD

2.4 Bespreek die argumente ten gunste(voordele) van privatisering. (4 x 2) (8)

- Privatisering lok meer buitelandse beleggers na Suid-Afrika.
- Kapitaal, vaardighede, tegnologie en buitelandse valuta vloei die land binne
- Privatisering verlig die druk op die begroting tekorte op die begroting sal afneem
- Bevorder swart ekonomiese bemagtiging. Aandele in openbare maatskappye kan beskikbaar gemaak word aan swart entrepreneurs
- Private ondernemings is meer doeltreffend as openbare ondernemings. Die winsmotief in die privaatsektor verseker dat ondernemings doeltreffend en teen die laagste moontlike prys funksioneer.
- SBO's – is burokratiese, ondoeltreffend, reageer swak op behoeftes van verbruikers, word swak bestuur.
- Privatisering verseker addisionele fondse (inkome) vir regering dit help hulle om SBO's te behou en te bestuur.

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)

('n Maksimum van 2 punte moet toegeken word vir blote lys van feite en voorbeelde.)

VRAAG: 2.5 / 3.5 / 4.5

- Dit is **Hoe / Waarom /Evalueer / Analiseer** vrae.
- Dit is **hoër-orde kognitiewe** vrae.
- Hierdie vrae vereis dat kandidate moet kan **evalueer / analiseer / ondersoek**, ens.
- Kandidate moet hul antwoorde in volsinne skryf en hul eie mening / begrip oor die vraag gee.
- Baie punte gaan verlore as gevolg van die verkeerde interpretasie van die vraag of om nie die vraag te beantwoord nie.
- Kandidate moet die volgende vermy wanneer hulle hierdie vraag beantwoord:
 - Leerders mag nie net hul antwoorde lys nie - kry 'n maksimum van 1 tot 2 punte
 - Mag nie net voorbeelde verskaf nie – kry 'n maksimum van 1 tot 2 punte
 - Wanneer die voorbeeld in 'n volledige sin verduidelik word, word 2 punte toegeken

VOORBEELD

2.5 Hoe kan Suid-Afrika voordeel trek uit handel in wêreldmarkte?

(4x2)(8)

Suid-Afrika kan baat vind by handel in globale markte deur:

- Intensiewe deelname aan vryhandel wat doeltreffendheid sal verbeter deur uitskakeling van ekstra koste en vermorsing
- Najaging van laer pryse wat die plaaslike verbruiker sal bevoordeel in die bevrediging van 'n groter verskeidenheid behoeftes
- Toegang tot meer goedere en dienste geproduseer in ander lande wat die verskeidenheid waaruit hulle kan kies, vergroot
- Bystand aan plaaslike produsente om produksie te verhoog en meer binnelandse produksiefaktore te gebruik, wat werkloosheid sal beperk en 'n positiewe uitwerking sal hê op die lewenstandaard van baie Suid-Afrikaners

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir blote noem van feite/voorbeelde)

AFDELING C

TWEE vrae word gegee

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

- TWEE vrae word aan leerders gegee en hulle moet slegs EEN vraag beantwoord.
- As jy albei opstelle beantwoord, sal slegs die eerste opstel nagesien word al behaal jy meer punte in die tweede opstel.
- Leerders sal geen punte kry vir die skryf van 'n verkeerde opstel nie, selfs al is daardie opstel aansienlik.
- Wanneer leerders meer as die verwagte aantal vrae beantwoord, word 'n rooi lyn deur die antwoord getrek en die woorde "TE VEEL VRAE" sal by die oortollige vraag geskryf word.

Let asseblief op die volgende:

- Leerders moet die vraag beantwoord soos gestel, bv. met grafieke, sonder grafieke, met diagramme, sonder diagramme.
- Leerders wat opstelle beantwoord het 'n groter waarskynlikheid om die vraestel te slaag as diegene wat nie 'n opstel beantwoord nie.
- Leerders wat nie die opstelle probeer nie, is geneig om swakker in die eksamen te presteer.

STRUKTUUR VAN OPSTEL

Inleiding

Die inleiding is 'n laerorde-antwoord.

- 'n Goeie begin is om die sleutelkonsep wat met die vraag verband hou, te definieer of te omskryf.
- Moet NIE enige deel van die vraag by die inleiding insluit NIE.
- Moet NIE enige deel van die inleiding by die liggaam insluit NIE.

Vermag dit om in die inleiding te noem wat jy in die liggaam gaan bespreek.

Liggaam Hoofdeel: - Bespreek in besonderhede/Diepgaande bespreking/ Onderzoek/Bespreek krities/ Analiseer/ Vergelyk/ Evalueer/Oonderskei/ Verduidelik/Teken 'n grafiek en verduidelik/Gebruik die grafiek gegee en verduidelik/ Voltooi die grafiek gegee/Assesseer/Debatteer 'n Maksimum van 8 punte kan vir opskrifte/voorbeelde toegeken word. Leerders: Neem asseblief kennis van die volgende: - Daar word van leerders verwag om in volsinne te skryf. - Leerders moet opskrifte en subopskrifte gebruik waar nodig / van toepassing. 8 punte word vir opskrifte toegeken, bloot 'n lys van feite en voorbeelde in die Hoofdeel van die opstel - Slegs inhoud relevant tot die vraag sal aanvaar word.
Addisionele deel: Bespreek krities / Evalueer / Evalueer krities / Debatteer / Lei af / Vergelyk / Oonderskei / Interpreteer / Hoe? / Stel voor 'n Maksimum van 2 punte kan vir die blote noem van feite toegeken word.
ADDISIONELE DEEL (HOËR ORDE) - Hierdie vrae is evalueer / ondersoek / analiseer vrae. - Leerders wat iets skryf kan krediet kry, maar baie leerders probeer nie hierdie deel van die opstel nie. - Evalueer – gee positief of negatief of 'n kombinasie. - By hierdie afdeling kan die leerders 'n mening uitspreek, voorbeelde gee, hul feite met verduidelikings staaf. 'n Maksimum van 2 punte kan vir die blote noem van feite toegeken word.
Slot - Enige hoërorde-slot behoort die volgende in te sluit: 'n Kort samevatting van dit wat bespreek is, sonder die herhaling van enige feite wat reeds genoem is - Enige opinie of waardeoordeel oor die feite wat bespreek is - Bykomende ondersteunende inligting wat die bespreking/ontleding versterk 'n Teenstrydige sienswyse met motivering, indien gevra - Aanbevelings
TOTAAL

Die skryf van opstel

Inleiding

(2)

Dit kan enige omskrywing (konsep) wees wat betrekking het op Internasionale handel.

Kry asb. eers subopskrifte onder die knie. Gedeeltes in swart hieronder.

Vraagredes:

- Grootte van die bevolking
Sinne wat dit verduidelik
- Inkomstevlakke
Sinne wat dit verduidelik
- Verandering in die welvaart van die bevolking
Sinne wat dit verduidelik
- Voorkeure en smake
Sinne wat dit verduidelik
- Die verskil in verbruikerspatrone
Sinne wat dit verduidelik

Skryf eers die opskrifte neer

Jy kan reeds 8 punte verdien deur net opskrifte te skryf.

Dan skryf jy twee tot drie sinne onder elke opskrif neer. Hierdie sinne is verklarende feite onder elke opskrif.

Aanbod-redes:

- Natuurlike hulpbronne
Sinne wat dit verduidelik
- Klimaatstoestande
Sinne wat dit verduidelik
- Menslike hulpbronne
Sinne wat dit verduidelik
- Tegnologiese hulpbronne
Sinne wat dit verduidelik
- Spesialisasie
Sinne wat dit verduidelik
- Kapitaal
Sinne wat dit verduidelik
- Absolute en komparatiewe koste voordeel
Sinne wat dit verduidelik

Nou doen jy dieselfde met Aanbodredes.

Addisionele deel (10)

Die Addisionele deel van die vraag benodig jou kennis, oordeel, insig, mening.

Die antwoord tot hierdie vraag is nie altyd in 'n handboek te vind nie. Indien jy onseker is, moenie huiwer om jou mening te gee nie / wat jy dink.

Moenie die vraag onbeantwoord laat nie.

Hier word van julle verwag om:

- Jul **eie mening te gee** en dan te staaf / demonstreer argumente teen of ten gunste van
- Sekere aksies/waardes in die ekonomie **te evalueer en te kritiseer**
- Sekere aspekte in die ekonomie te **ontleed deur ondersoek** en **lewering van kritiek**
- **Ekonomiese modelle**, bv. grafieke en diagramme, te gebruik om sekere **aspekte van ekonomie te verduidelik**

Gevolgtrekking/Slot

(2)

Gee enige gepaste hoër-orde finale/ slotopmerking oor die onderwerp/inhoud onder bespreking.

ONDERWERP 1: EKONOMIESE KRINGLOOP


1 – Beskrywing (Interaksie tussen deelnemers)

2 – Vloeie (Geldvloeie & Reële vloeie)

3 – Markte (Faktor-, Produkte-, Finansiële, Buitelandse valuta markte)

4 – Deelnemers (Huishoudings, Besighede, Regering, Buitelandse sektor)

DIAGRAM



VERGELYKINGS INSPUITINGS:

Invloei van geld in economie

$$J = I + G + X$$

LEKKASIES:

Uitvloeï van geld uit ekonomie

$$L = S + T + M$$

VERGELYKING:

$$Y = C + I + G + (X - M)$$

BEREKENINGE - BBP

PRODUKSIE	INKOME	BESTEDING
Basiese Pryse - BBP(P) Primêre Sektor + Sekondêre Sektor + Tersiêre Sektor = BBP @ Basiese pryse + belasting - subsidie = BBP @ Markpryse	Faktor koste - BBP(I) Vergoeding (salaris, rente, huur) + Netto bedryfsurplus (wins) + vaste kapitalverbruik (waardevermindering) = BBP @ Faktorkoste + ander belasting (op produksie) - ander subsidie (op produksie) = BBP @ Basiese pryse + belasting - subsidie = BBP @ Markpryse	Markprys - BBP (B/E) C (Verbruiksbesteding) + I (Kapitaalvorming) + G (Staatsbesteding) + Residuele items = BBB + X (uitvoere) - M (invoere) = BBP @ Markpryse


VERMENIGVULDIGER

1 – Definisie (toename in besteding veroorsaak 'n proporsioneel groter toename in inkomende)

2 – Formule ($M = 1/1\text{-mvg}$; $M = 1/\text{msg}$;
 $M = \Delta Y/\Delta E$)

2 – **Gebruik die antwoord** (M x hoeveelheid geld belê/bestee)

4 – Grafiek



BEREKENINGE

Definisie:  **Inkomste** >  **Besteding**

- $Y = mv_g + ms_g$

Vermenigvuldiger formules

- $k = 1/1 - mvg$
- $k = 1/msg$
- $k = \Delta Y/\Delta I$

VOORBEELDE VAN VRAE

AFDELING A VRAAG 1

- 1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.9 D.
- 1.1.1 In die eenvoudige ekonomiese kringloop van ekonomiese aktiwiteit vloei goedere en dienste via ...
A. faktormarkte van huishoudings tot besighede.
B. goederemarkte van huishoudings tot besighede.
C. faktormarkte van besighede tot huishoudings.
D. goederemarkte van besighede tot huishoudings. ✓✓
- 1.1.2 Die drie maniere om die BBP te bereken, is ...
A. inkomste, besteding en produksiemetodes. ✓✓
B. inkomste-, produk- en diensmetodes.
C. uitgawe, besteding en produksiemetodes.
D. produksie, pryse en inkomstemetode.
- 1.1.3 Die metode wat gebruik word om totale vergoeding op produksiefaktore te verkry, word die... -metode genoem.
A. produksie.
B. inkomste. ✓✓
C. kringloop.
D. uitgawes.
- 1.1.4 Verdienste ontvang uit die uitvoer van goedere en dienste word ... genoem.
A. lekkasies
B. belasting
C. inspuitings ✓✓
D. besparing
- 1.1.5 Die mark vir korttermynbesparings en lenings staan bekend as die ... -mark
A. kapitaal
B. geld ✓✓
C. buitelandse valuta
D. hulpbron
- 1.1.6 Die deurlopende vloei van produksie, inkome en besteding tussen deelnemers aan die ekonomie.
A. Sakesiklus
B. Ekonomiese ewewig
C. Geldmark
D. Ekonomiese kringloop ✓✓

1.1.7 Die verbruiksfunksie is gebaseer op die uitgangspunt dat, namate inkomste toeneem, verbruiksbesteding sal ...

- A. verhoog met 'n groter bedrag.
- B. met dieselfde hoeveelheid toeneem.
- C. konstant bly, tensy besparing ook verander. ✓✓
- D. verhoog met 'n kleiner hoeveelheid.

1.1.8 Die vergelyking $C = 70 + 0.65Y$, waar C verbruik is en Y is besteebare Inkomste is, vertel ons dat ...

- A. huishoudings R70 sal bespaar as hul besteebare inkomste nul is en 0.65 sal verbruik van enige toename in besteebare inkomste wat hulle ontvang. ✓✓
- B. huishoudings sal R70 verbruik as hul besteebare inkomste nul is en sal 0.65 verbruik van enige toename in besteebare inkomste wat hulle ontvang.
- C. huishoudings verdien R70 en bestee driekwart van hul inkomste.
- D. huishoudings sal 0.35 verbruik van watter vlak van besteebare inkomste hulle ook al ontvang.

(8 x 2) (16)

1.2. Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat ooreenstem met die item in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A-I) langs die vraagnommer (1.2.1 - 1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM A	KOLOM B
1.2.1 Inspuiting	A. Vorm deel van geslote ekonomiese kringloop
1.2.2 Marginale verbruiksgeneigdheid	B. Vloei van en na die buitelandse sektor
1.2.3 Model	C. Vorm deel van oop ekonomiese kringloop
1.2.4 Dubbeltelling	D. 'n Ekonomie wat oop is vir buitelandse handel
1.2.5 BBP	E. Die waarde van goedere en dienste wat geproduseer in die gegewe jaar binne die grense van 'n land.
1.2.6 Oop ekonomie	F. Pensioene word by die nasionale inkomstesifers gevoeg
1.2.7 Buitelandse sektor	G. 'n Vereenvoudigde weergawe van die werklikheid
1.2.8 Invoer en uitvoer	H. Die gedeelte van 'n toename in verbruik
	I. Staatsuitgawes

(8 x 1) (8)

- 1.2.1 (I) Staatsuitgawes ✓
 1.2.2 (H) Die gedeelte van 'n toename in verbruik ✓
 1.2.3 (G) 'n Vereenvoudigde weergawe van die werklikheid ✓
 1.2.4 (F) Pensioene word by die nasionale inkomstesifers gevoeg ✓
 1.2.5 (E) Die waarde van goedere en dienste wat geproduseer in die gegewe jaar binne die grense van 'n land ✓
 1.2.6 (D) 'n Ekonomie wat oop is vir buitelandse handel ✓
 1.2.7 (C) Vorm deel van oop ekonomiese kringloop ✓
 1.2.8 (B) Vloei van en na die buitelandse sektor ✓

1.3. Gee die term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer neer. **AKRONIEME, AFKORTINGS EN VOORBEELDE SAL NIE AANVAAR WORD NIE.**

1.	Word gebruik wanneer BBP volgens die produksiemetode bereken word. Verteenwoordig die produksiekoste van ondernemings	Basiese pryse
2.	'n Jaar met baie klein prysveranderinge of prysfluktuasies. Die huidige _____ soos gebruik deur die Reserwebank is 2015 .	Basisjaar
3.	Verpligte betalings gemaak deur privaat individue of sakeondernemings aan die owerheidsektor sonder enige direkte voordeel	Belasting
4.	Verwys na belasting op produksie sonder enige verbintenis met 'n spesifieke goed of diens (bv. belasting op grond en geboue)	Belasting op produksie
5.	Belasting betaalbaar per eenheid van 'n sekere goed of diens (bv. BTW, invoerregte)	Belasting op produkte
6.	Besteding deur besighede op kapitaalgoedere	Beleggings/Investerings
7.	Inkome wat nie verbruik word nie	Besparings/Spaar
8.	Die metode wat die totale besteding van die vier vernaamste sektore van die ekonomie bymekaar tel: $C + G + I + (X - M)$	Bestedingsmetode
9.	Waarde van alle finale goedere en dienste geproduseer binne die landsgrense vir 'n spesifieke tydperk	Bruto Binnelandse Produk
10.	Waarde van alle finale goedere en dienste geproduseer deur die permanente inwoners van die land vir 'n spesifieke tydperk	Bruto Nasionale Produk
11.	Die mark waar een geldeenheid vir 'n ander verhandel word, bv. rand vir die dollar	Buitelandse valutamark
12.	Nie-tasbare goedere en sluit groot- en kleinhandel, vervoer en finansiële markte in	Dienste
13.	Die situasie in die ekonomie wanneer: • lekkasies gelyk is aan inspuittings: • $L = J$ • $S + T + M = I + G + X$	Ekonomiese ewewig
14.	Onafgebroke vloei van besteding, produksie en inkome tussen verskillende sektore	Ekonomiese kringloop-model

15.	Die koste van of die prys betaal vir die produksiefaktore (grond, arbeid, kapitaal en entrepreneurskap) wat deur besighede gebruik word.	Faktorkoste/faktorprys/ Faktorinkomste
16.	Die mark waar produksiefaktore verhandel word, bv. die arbeidsmark	Faktormark/ Insetmark
17.	Die mark waar beide kort- en langtermyn finansiële bates verhandel word	Finansiële mark
18.	Daardie finansiële instellings wat nie direk by die produksie van goedere en dienste betrokke is nie, bv. banke, versekeringsmaatskappye, pensioenfondse en die JEB	Finansiële sektor
19.	Die korttermyn en baie korttermynmark vir besparings en lenings	Geldmark
20.	Die vloei van inkomste en besteding tussen die deelnemers in die ekonomiese kringloop	Geldvloei
21.	'n Ekonomie sonder 'n buitelandse sektor as deelnemer	Geslote ekonomie
22.	'n Mark waar goedere en dienste verhandel word, bv. motors, melk	Goederemark/ Produkmark
23.	Die metode waar alle inkomste verdien deur die eienaars van die produksiefaktore bymekaar getel word	Inkomemetode
24.	Die invloed van addisionele geld in die ekonomie deur investering (I), owerheidsbesteding (G) en betalings vir uitvoere (X)	Inspuitings
25.	Goedere en dienste geproduseer in ander lande en aangekoop deur plaaslike ondernemings of huishoudings	Invoere
26.	Markte waar verbruikers en produsente langtermyn deposito's maak en geld leen. Mark vir langtermyn finansiële instrumente bv verbande, aandele	Kapitaalmark
27.	Geld onttrek uit die ekonomiese kringloop, bv. deur besparings (S), belasting (T) en invoerbesteding (M)	Lekkasies
28.	Dui op 'n toename in verbruikbare inkomste wat die persoonlike verbruiksbesteding laat toeneem.	Marginale verbruiksgeneigtheid
29.	Pryse wat werklik deur verbruikers vir goedere en dienste betaal word plus belasting minus subsidies	Markprys
30.	Dui op 'n sekere bedrag wat verwyder is, bv. netto uitvoere reflekteer die waarde van uitvoere minus invoere	Netto syfers
31.	'n Ekonomie wat handel dryf met die buitelandse sektor	Oop ekonomie
32.	Die besteding wat verbruikers moet maak, selfs al het hulle geen besteebare inkomste nie/ Die verbruiksbesteding wat plaasvind wanneer inkomstevlakke nul is	Outonome verbruik
33.	Die metode wat die finale waardes van alle goedere en dienste geproduseer, bereken teen bruto waarde toegevoeg	Produksiemetode

34.	Die vloei van goedere en dienste tussen die deelnemers in die ekonomiese kringloop	Reële vloei
35.	Die besteding van die staatsektor	Staatsbesteding
36.	Verwys na subsidies wat nie aan spesifieke goedere of dienste verbind word nie, bv. subsidies op indiensneming	Subsidies op produksie
37.	Finansiële aansporings wat sukkelende nywerhede help met produksie met die doel om uitvoere aan te moedig	Subsidies op produkte
38.	Goedere en dienste plaaslik geproduseer en dan verkoop vir verbruik buite die grense van die land	Uitvoere
39.	Besteding deur die bevolking	Verbruiksbesteding
40.	'n Klein aanvanklike toename in besteding lewer 'n proporsioneel groter toename in totale nasionale inkome	Vermenigvuldiger

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE inspuittings in die ekonomie.

(2 × 1) (2)


- **Uitvoerverdiensle / Uitvoerinkomste**
- **Investerings**
- **Regeringsbesteding** (Enige 2 × 1)

2.1.2 Waarom is die wisselkoersmark belangrik vir toeriste?

(1 × 2) (2)

Alvorens toeriste goedere en dienste in 'n vreemde land kan aankoop is dit nodig dat hulle hul eie geldeenheid omruil vir dié van 'n ander land.
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)

2.2 Bestudeer die onderstaande diagram en beantwoord die vrae wat volg.



2.2.1 Noem enige inspuiting wat in 'n ekonomie gevind kan word.

(1)

Belegging/Investerings / I
Uitvoerinkomste / X
Staatsbesteding / G

- 2.2.2 Identifiseer 'n lekkasie uit die bostaande diagram. (1)
 Spaar / S
 Belasting / T
 Invoerbesteding / M
- 2.2.3 Beskryf kortliks die term *inspuitings*. (2)
 Die bekendstelling van addisionele geld in die ekonomie.
 (Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord)
- 2.2.4 Verduidelik die verskil tussen produksie en inkomste. (2)
- Produksie is wanneer besigheid produksiefaktore kombineer in beplande aktiwiteite om goedere en dienste te bewerkstellig wat aan die behoeftes en begeertes van die samelewing voldoen.
 - Inkomste is die beloning wat die produksiefaktore ontvang as deel van die produksieproses.
 - Belasting is die vorm van inkomste van ondernemings en huishoudings aan die regering.
 - Beleggings, pensioene en sosiale sekerheid is die primêre inkomstebron vir afgetredenes.
- (Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord)
- 2.2.5 Hoe beïnvloed lekkasies die ekonomiese kringloop? (2 x 2) (4)
- In die ekonomie verwys lekkasie na kapitaal of inkomste wat afwyk van 'n soort interaktiewe stelsel.
 - Lekkasie word gewoonlik gebruik in verband met 'n bepaalde uitbeelding van die vloei van inkomste binne 'n stelsel, die ekonomiese kringloop van inkomste en bestedings genoem, in die Keynesiaanse model van ekonomie.
 - Ingevoerde goedere word soms 'n bron van 'lekkasie' genoem omdat dit die inkomste wat in een land verdien is, na 'n ander land kan oordra.
 - Kontant lekkasies kom voor wanneer bedrae geld by banke geleen word, maar nie weer gedeponeer word nie.
 - Lekkasies kom ook voor in die vorm van fondse wat in banke gedeponeer word, maar nie uitgeleen word nie. In hierdie stelsel verlaag kontant lekkasie die vermoë om verdere rondtes van inkomste te skep.
- (Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord)

2.3 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Nasionale Begroting Hersiening 2020/2021	
R Biljoen	
Belasting Inkomste	(A)
Van wat	
Persoonlike belasting	546.8
Maatskappy belasting	230.2
Belasting op toegevoegde waarde	360.6

- 2.3.1 Identifiseer die fiskale instrument soos in die tabel hierbo getoon. (1)
 Belasting

- 2.3.2 Watter beleid word deur die regering gebruik om ekonomiese aktiwiteite te beïnvloed? (1)
Fiskale beleid
- 2.3.3 Beskryf kortliks die term *nasionale begroting*. (2)
Die nasionale begroting is die staat van die beplande bestedings en die verwagte inkomste vir die fiskale jaar.
(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord)
- 2.3.4 Bereken die waarde van A uit die tabel hierbo. (2)
 $546.8 + 230.2 + 360.6 = 1\,137.60$
- 2.3.5 Hoe beïnvloed die mislukking van die openbare sektor die belastingstelsel van die land? (2 x 2) (4)
- Lei tot 'n verhoging in die belastingkoers wat deur die staatsondernemings betaal word.
 - Ontmoedig die meeste belastingbetalers om hul belasting by te dra weens die wanaanwending van fondse deur staatsamptenare.
 - Krimpde belastinginkomste wat deur die regering ingevorder word, aangesien dit belastingontduiking tot gevolg het.
- (Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord)
- 2.4. Bespreek die rol van die finansiële sektor in die ekonomiese kringloop. (4 x 2) (8)
- Die finansiële sektor bestaan uit banke, versekeringsmaatskappye en pensioenfondse.
 - Die finansiële sektor tree as skakel tussen huishoudings en besighede op wie surplusfondse het en voorsien geld aan diegene wie 'n tekort aan fondse ervaar.
 - Die geld wat huishoudings en besighede aan die finansiële sektor voorsien word besparing genoem.
 - Besighede kan geld leen van die finansiële instellings en dit op kapitaaltoerusting bestee.
 - Die besteding deur besighede staan as investering bekend.
- (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)
(Allokeer 'n maksimum van 4 punte vir blote lys van feite/voorbeelde.)
- 2.5 Wat sal die gevolge wees op die ekonomiese kringloop indien privaat energievoorsiening 'n realiteit word? (4 x 2) (8)
- Daar sal meer besighede gevestig word in die land wat die aanvraag na onderskeie produksiefaktore sal vermeerder.
 - Die huishoudings sal vir die besit van die produksiefaktore, direk en indirek, vergoed word vir hierdie voorsiening.
 - Dit maak dat verbruikers meer inkomste in hulle sakke sal hê en dus sal die vraag na goedere en dienste op die goedere en dienste mark vermeerder.
 - Besighede sal hulle bes doen om aan hierdie vraag te voorsien, indien hulle dit reg kry sal inkomste wat deur die besighede verdien word ook vermeerder.
 - Wanneer die verbruikers en produsente meer inkomste verdien sal die regering baat daarby deur die belasting wat hulle kan kry, hulle sal ook belasting kan eis by die nuwe energievoorskaffers.

- Met die addisionele voorsiening van energie sal besighede die vermoë hê om te kan produseer sonder enige onderbrekings in krag, dit sal die aanbod van goedere en dienste vermeerder.
 - Besighede hoef ook addisionele koste aan te gaan nie, skade van kragonderbrekings en kragopwekkers, dit kan maak dat hulle produksiekoste laag word wat die verkoopprijs laag.
 - Hierdie is tot voordeel van die verbruiker, hulle sal dan meer aanvra na die produkte en so ook meer goedere en dienste kan aanskaf, hulle lewenstandaard verhoog ook in die proses.
 - Besighede kan weer meer werkers aanstel wat kan help met produksie, want hulle het meer fondse beskikbaar vir dit, dit vermeerder die aanstellings van die faktormark af.
 - Meer geld vloei na die huishoudings, werkloosheid het gedaal, end us kan hulle meer aanvra na goedere en dienste op uitsetmark.
- (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
(Allokeer 'n maksimum van 4 punte vir blote lys van feite/voorbeelde.)

AFDELING C

VRAAG 5

Bespreek in detail die markte in die viersektor- ekonomiese kringloop-model. (26 punte)

INLEIDING

Die ekonomiese kringloopmodel is 'n vereenvoudigde aanbieding van die interaksie tussen die deelnemers in die ekonomie ✓✓ **(Maks 2)**

HOOFDEEL

Goedere/Dienste/Uitsetmarkte ✓

- Hierdie is markte vir die verbruikersgoedere en -dienste ✓✓
- **Goedere** is verbruikbare items soos kos, klere en motors wat sommige menslike behoeftes bevredig ✓✓
- **Dienste** is nie-tasbare goedere en sluit groot- en kleinhandel, vervoer en finansiële markte in ✓✓

Faktor/Hulpbron/Insetdienste ✓

- Huishoudings verkoop produksiefaktore op die markte: huur vir natuurlike hulpbronne, lone vir arbeid, rente vir kapitaal en wins vir entrepreneurskap ✓✓
- Die faktormark sluit die arbeid, eiendom en finansiële markte in ✓✓

Finansiële markte: ✓

- Hulle is nie direk betrokke in die produksie van goedere en dienste nie, maar dien as 'n verbintenis tussen huishoudings, die sake sektor en ander deelnemers met surplusfondse ✓✓
- Bv. banke, versekeringsmaatskappye en pensioenfondse ✓

Geldmarkte ✓

- In die geldmark, word **korttermynlenings** en baie korttermynfondse gespaar en geleen deur verbruikers en sakeondernemings ✓✓
- Produkte word verkoop op hierdie mark bv. bankobligasies, skatkiswissels en staatsobligasies ✓✓
- SARB is die sleutelinstelling in die geldmark ✓✓

Kapitaalmarkte ✓

- In die kapitaalmark word **langtermynfondse** geleen en gespaar deur verbruikers en sakeondernemings ✓✓
- Die Johannesburg Effektebeurs is 'n sleutelinstelling in die kapitaalmark ✓✓
- Produkte wat op hierdie markte verkoop word is verbandlenings en aandele ✓✓

Buitelandse valutamarkte ✓

- Op die buitelandse valutamark koop/verkoop besighede buitelandse valuta om vir ingevoerde goedere en dienste te betaal ✓✓
- Die mees belangrike buitelandse valutamarkte is in Londen/New York/Tokio ✓✓

(Maks 26)

SLOT


Markte is krities belangrike instellings in ons ekonomiese stelsel, omdat hulle vraag en aanbod reguleer en prysstabiliteit verseker asook algemene sakevertroue ✓✓ **(Maks 2)**

ONDERWERP 2: SAKESIKLUS

1. **Diagram** (met byskrifte) & **Beskrywing**
2. **Verklarings** (Eksogene & Endogene) & **Tipes**
3. **Regeringsbeleid** (5 Monetêre instrumente)
4. **Nuwe ekonomiese paradigma** (Vraagkant- en Aanbodkantbeleid)
5. **Aanwysers** (8 aanwysers)


BENADERINGS

Eksogene (Monetariste)



- Sonvlekteorie (Friedman)
- Markte is inherent stabiel
- Faktore van BUITE beïnvloed die mark
- Faktore soos weer en markskokke
- Regering behoort nie in te meng in die mark nie.

Endogene (Keynesiaanse)



- Keynes
- Markte is inherent onstabiel
- Prysmeganisme slaag nie daarin om vraag en aanbod te koördineer nie
- Regering behoort in te meng en kurwe gelyk te stryk

TIPES

- **Kitchin-siklusse:** 3 - 5 jaar (aanpassing van voorraadvlakke in besighede)
- **Jugler-siklusse:** 7 – 11 jaar (verandering in staatsbesteding – in besighede)
- **Kuznets-siklusse:** 15 – 20 (aktiwiteitsveranderinge in bou en konstruksie)
- **Kondratieff-siklusse:** 50 jaar en langer (tegnologiese innoverings en oorloë en ontdekking van nuwe bronne van hulpbronne, bv. goud)

REGERINGSBELEID (1 ÓF 2 ÓF KOMBINASIE)

1. MONETÊRE BELEID

1. Rentekoerse
2. Kontantreserwevereistes
3. Opemarktransaksies
4. Morele oorrading
5. Wisselkoersbeleid

2. FISKALE BELEID

1. Vraag is te klein en werkloosheid te hoog
 - $\uparrow G$ (staatsbesteding)
 - $\downarrow T$ (belastingkoerse)
 - Beide ($\uparrow G + \downarrow T$)
2. Vraag is te hoog en lei tot vraagtrefinlasie
 - $\downarrow G$
 - $\uparrow T$ (belastingkoerse)
 - Beide ($\downarrow G + \uparrow T$)

NUWE EKONOMIESE PARADIGMA

VRAAGKANTBELEID

1 - Inflasie

- Vraag $\uparrow$ dan sal aanbod $\uparrow$
- Indien nie, sal prys $\uparrow$
- Dit sal inflasie veroorsaak

Werkloosheid

- Dit stimuleer groei
- Phillipskurwe (verhouding)

AANBODKANTBELEID

- 1 - Vermindering van koste
Kontant toelaes
- 2 - Verbeter effektiwiteit van insette
Ontwikkel menslike hulpbronne
- 3 - Verbeter effektiwiteit van markte
Mededinging

AANWYSERS

1. Leidende aanwysers (vooraf)
2. Sloerende aanwysers (volg)
3. Samevallende aanwysers (beweeg gelyktydig)
4. Saamgestelde aanwysers (verskeie aanwysers)
5. Tendens (rigting)
6. Lengte (links na regs)
7. Amplitude (bo na onder)
8. Ekstrapolasie (gebruik bekende feite om die onbekende af te lei)
9. Bewegende gemiddelde (verandering in data oor tyd)

VOORBEELDE VAN VRAE

AFDELING A

VRAAG 1

- 1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.9 D.
- 1.1.1 Negatiewe ekonomiese groei vir minstens twee opeenvolgende kwartale van die jaar word 'n ... genoem.
- A. "boom"
 - B. depressie
 - C. **resessie ✓✓**
 - D. herstel
- 1.1.2 'n Vorm van monetêre beleid wat probeer om ekonomiese aktiwiteit in te perk, staan bekend as ... beleid.
- A. sloerende
 - B. fiskale
 - C. uitbreiding
 - D. **beperkende ✓✓**
- 1.1.3 Fluktuierende faktore wat buite die ekonomiese stelsel ontstaan, word ... faktore genoem.
- A. inheemse
 - B. **eksogene ✓✓**
 - C. endogene
 - D. internasionale
- 1.1.4 'n Fiskale beleid wat probeer om ekonomiese aktiwiteit te stimuleer.
- A. **Uitbreidende ✓✓**
 - B. Beperkende
 - C. Geldvoorraad
 - D. Rentekoerse
- 1.1.5 Indiensnemingsyfers in die sakesiklus sal toeneem gedurende 'n ...
- A. **resessie. ✓✓**
 - B. herstel.
 - C. depressie.
 - D. trog.

1.1.6 Die verskil in die waarde van die produksie op die hoogtepunt en die waarde van die produksie by die trog van 'n sakesiklus staan bekend as die ...

- A. lengte.
- B. tendenslyn.
- C. amplitude. ✓✓
- D. reële produksie.

1.1.7 'n Aanduiding van langtermyn groei in die ekonomie word die... genoem.

- A. tendenslyn
- B. amplitude
- C. lengte ✓✓
- D. trog

1.1.8 'n Fokus op die verbetering van inset doeltreffendheid is 'n kenmerk van die ... beleid.

- A. vraagkant-
- B. monetêre
- C. vraagkant- en aanbodkant-
- D. aanbodkant- ✓✓

(8 x 2) (16)

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat ooreenstem met die item in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A-I) langs die vraagnommer (1.2.1 - 1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM A	KOLOM B
1.2.1 Ekonomiese uitbreiding	A Die hoogste punt tussen die begin en die einde van 'n ekonomiese uitbreiding
1.2.2 Piek	B Veranderinge in besigheidstoestande
1.2.3 Ekonomiese skommeling	C Oorsprong in die markstelsel
1.2.4 Endogene faktore	D 'n Fase van volle indiensneming
1.2.5 Jugler-siklusse	E Die inflasiekoers neem af
1.2.6 Ekonomiese resessie	F Veranderinge in netto beleggings deur sakeondernemings en owerhede
1.2.7 Monetêre beleid	G Algemene tydperk van stygende ekonomiese aktiwiteit, wat lei tot 'n toename in reële BBP
1.2.8 Philips-kromme	H Maatreëls wat SARB getref het om die aanbod van geld en rente koerse te beïnvloed.
	I Inflasie en werkloosheid het 'n stabiele en omgekeerde verband

(8 x 1) (8)

- 1.2.1. D 'n Fase van volle indiensneming ✓
 1.2.2. A Die hoogste punt tussen die einde van 'n ekonomiese uitbreiding ✓
 1.2.3. B Veranderinge in besigheidstoestande ✓
 1.2.4. C Oorsprong in die markstelsel ✓
 1.2.5. F Veranderinge in netto beleggings deur sakeondernemings en owerhede ✓
 1.2.6. G Algemene tydperk van stygende ekonomiese aktiwiteit, wat lei tot 'n toename in reële BBP ✓
 1.2.7. H Maatreëls wat SARB getref het om die aanbod van geld en rente koerse te beïnvloed. ✓
 1.2.8. I Inflasie en werkloosheid het 'n stabiele en omgekeerde verband ✓

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer neer. **AKRONIEME, AFKORTINGS EN VOORBEELDE SAL NIE AANVAAR WORD NIE.**

1.	'n Periode van algemene afname in ekonomiese aktiwiteit	Afswaai
2.	Meet die afstand van ossillasie van 'n veranderlike vanaf die tendenslyn.	Amplitude
3.	Word gebruik om die veranderinge in 'n data-reeks oor 'n tydperk te ontleed.	Bewegende gemiddeldes
4.	Ekonomiese aktiwiteit is op sy laagste; resessie vererger	Depressie
5.	Gebruik om die tendense in die ekonomie te meet, bv. BBP	Ekonomiese aanwyser
6.	Betekene dat die onbekende uit bekende feite beraam word. Byvoorbeeld, gebruik van bekende feite om toekomstige aandelepryse te voorspel.	Ekstrapolasie
7.	Handhaaf die siening dat markte inherent onstabiel is; Daarom word ingryping van die regering vereis	Endogene verduideliking/ Keynesiaanse benadering
8.	Glo markte is inherent stabiel en disekwilibrium word veroorsaak deur verkeerde beleidsgebruik, bv. monetêre beleid.	Eksogene verduideliking/ Monetaristiese benadering
9.	'n Beleid wat belasting en staatsbesteding gebruik wat deur die Nasionale Tesourie geïmplementeer word. Die doel is om die totale vraag te verhoog of te verlaag om die makro-ekonomiese doelwitte van volle indiensneming en prysstabiliteit te bereik.	Fiskale beleid
10.	Duur van 7 tot 11 jaar en word veroorsaak deur veranderinge in netto investerings deur die staat en besighede	Jugler siklusse
11.	Duur van 3 tot 5 jaar en word veroorsaak deur aanpassing van voorraadvlakke in besighede	Kitchin siklusse
12.	Duur langer as 50 jaar en word veroorsaak deur tegnologiese innoverings, oorloë en nuwe hulpbronnontdekkings, bv. goud.	Kondratieff-siklusse

13.	Duur van 15 tot 20 jaar en word veroorsaak deur aktiwiteitveranderinge in die bou- en konstruksie nywerhede.	Kuznets-siklusse
14.	Gee verbruikers, ondernemings en die staat 'n blik van die rigting waarin die ekonomie mag beweeg. Voorbeelde is advertensieruimte vir werksgeleenthede; voorraadhouding; en verkope	Leidende aanwysers
15.	Word gemeet van piek tot piek of van trog tot trog.	Lengte
16.	Beleide wat toegepas word deur die monetêre owerheid om die geldvoorraad in sirkulasie sowel as die rentekoerse te beïnvloed. Die doelwit is om pryse te stabiliseer, en totale indiensneming en groter ekonomiese groei te bewerkstellig.	Monetêre beleid
17.	Die periode onmiddellik voor en tydens die boonste draaipunt van die siklus	Oplewing / “Boom”
18.	'n Periode waar daar 'n algemene toename in ekonomiese aktiwiteit is	Opswaai
19.	Illustreer die verwantskap tussen werkloosheid en inflasie	Phillipskurwe
20.	Punt waar die ekonomiese uitbreiding op sy hoogste is	Piek
21.	'n Negatiewe ekonomiese groei vir ten minste twee opeenvolgende kwartale.	Resessie
22.	Dit is 'n groepering van verskeie aanwysers van dieselfde soort tot 'n enkele waarde. Die enkelsyfer verteenwoordig die norm van 'n land se ekonomiese prestasie.	Saamgestelde aanwysers
23.	Opeenvolgende periodes van groei en afname in ekonomiese aktiwiteite	Sakesiklus
24.	Beweeg saam met die ekonomie in tyd. Hulle dui die werklike toestand van die ekonomie aan	Samevallende aanwysers
25.	Sal nie van rigting verander tot nadat die sakesiklus van rigting verander het nie. Voorbeelde van hierdie aanwysers is ure gewerk in konstruksie en totale aantal kommersiële voertuie verkoop	Sloerende aanwysers
26.	Dit dui die algemene rigting aan waarin die ekonomie beweeg.	Tendenslyn
27.	Die periode onmiddellik voor en tydens die onderste draaipunt	Terugsakking
28.	Punt waar die ekonomiese inkrumping op sy laagste is	Trog

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem TWEE eksogene faktore wat aanleiding gee tot sakesiklusse. (2 x 1) (2)

- Onvanpaste regeringsbeleid / inmenging
- Verandering in die geldvoorraad
- Klimaatstoestande (sonvlekteorie)
- Skokke (bv. Oorloë, drastiese toename in die prys van olie)
- Strukturele veranderinge in die ekonomie.
- Tegnologie

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)

2.1.2 Hoe word 'n resessie teengewerk met die hulp van kontantreserwes? (1 x 2) (2)

Die SARB sal die kontantreserwes wat deur kommersiële banke gehou moet word verlaag, sodat die banke meer fondse beskikbaar het om te kan uitleen aan individue/besighede, dus het die mense in die ekonomie meer geld tot hulle beskikking wat hulle kan gebruik en vraag vermeerder dus wat dan die ekonomiese aktiwiteite in die ekonomie vermeerder.

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)

2.2 Bestudeer die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

“SA nog nie buite gevaar nie” aangesien ekonomie in 2021 met 4,9% groei
Gepubliseer op 9 Maart 2022

Die ekonomie kan in 'n uitgerekte resessie bly ondanks data van Statistiek Suid-Afrika (StatsSA) wat gister getoon het dat die ekonomie met 4,9 persent in 2021 uitgebrei het, en herstel het van 'n afname van 6,4 persent in 2020 as gevolg die pandemie. Ten spyte van die ekonomiese groei wat verlede jaar 'n beduidende terugkeer gemaak het en 'n historiese inkrimping wat ervaar is op die hoogtepunt van die Covid-19-pandemie in 2020, vrees ekonome nou dat die volgende paar maande waarskynlik meer wisselvallig sal wees, aangesien die voortgesette Russiese inval in die Oekraïne gelei het tot 'n styging in oliepryse, wat Suid-Afrika se grootste invoer-item is.

(Bron: <https://www.iol.co.za>)

2.2.1 Identifiseer die term in die uittreksel wat na 'n negatiewe groeikoers vir twee agtereenvolgende kwartale verwys. (1)

Resessie

2.2.2 Watter denkskool is ook bekend as die eksogene verduideliking vir sakesiklusse? (1)

Monetariste / sonvlekteorie / Klassieke benadering

2.2.3 Beskryf kortliks die term *amplitude*. (2)

Dit verwys na die vertikale afstand tussen 'n piek en die tendenslyn en die trog en die tendenslyn.

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)


2.2.4 Verduidelik waarom 'n skerp styging in oliepryse 'n invloed op die voedselpryse in Suid-Afrika sal hê. (2)

Voedselpryse sal styg as gevolg van die toename in vervoerkoste.
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)

2.2.5 Hoe kan rentekoerse aangewend word om die ekonomie te stimuleer? (2 × 2) (4)

Rentekoerse moet verminder word om krediet goedkoper te maak.
Meer geld sal beskikbaar wees om vraag te stimuleer en dit sal lei tot 'n toename in die produksie van goedere en dienste (ekonomiese groei).
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)

2.3 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



2.3.1 Wat was die reële BBP groei gedurende 2009? (1)

-1.5%.

2.3.2 Identifiseer die periode (jare) waar die langste sakesiklus in die grafiek waargeneem kan word. (1)

2003 – 2009

2.3.3 Beskryf kortliks die term *Bruto Binnelandse Produk*. (2)

Die totale waarde van alle finale goedere en dienste wat binne die landsgrense geproduseer word, binne 'n gegewe tydperk, gewoonlik een jaar.
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)

2.3.4 Verduidelik die onderliggende kragte van die amplitude gedurende 2009. (2)

'n Groter amplitude gedurende die afswaai fase dui op swak onderliggende kragte.
Daar was uiterste veranderinge wat oor 'n kort periode plaasgevind het.
Die ekonomie het 'n skerp daling getoon, wat swak ekonomiese kragte aandui.
Swak ekonomiese groei het gedurende die siklus plaasgevind.
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)

2.3.5 Hoe kan belasting gebruik word om die afwaartse tendens in die ekonomie om te keer? (2 x 2) (4)

Belasting moet verlaag word.

Verlaagde belasting sal die verbruikers se besteebare inkomste vermeerder.

Dit sal lei tot 'n verhoogde aanvraag na goedere en dienste, wat weer sal bydra tot 'n verhoogde aanbod van goedere en dienste.

Ekonomiese aktiwiteite sal vermeerder en ekonomiese groei sal plaasvind.

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)

2.4 Verduidelik, met behulp van 'n grafiek met die korrekte byskrifte, hoe vraagkant- en aanbodkantbeleide gebruik word om ekonomiese groei te stimuleer. (8)

Puntetoekenning van grafiek:


Benoeming van asse = 1 punt

Verskuiwing van TV = 1 punt

Verskuiwing van TA = 1 punt

Ewewigspunt F = 1 punt

Totaal = 4 punte



Verduideliking

- Wanneer slegs vraagkantbeleide toegepas word sal die totale vraag in die ekonomie verhoog en totale vraagkurwe verskuif na regs (TV1).
- Uitset sal verhoog, maar dit sal tot hoër pryse lei. Inflasie sal ontstaan.
- Op die langtermyn sal totale aanbod aanpas by totale vraag nadat aanbodkantbeleide toegepas is. Totale aanbodkurwe (TA) verskuif na TA1.
- Nuwe ewewig word gevorm waar TV1 en TA1 in ewewig is by punt F. Uitset is steeds meer, sonder dat pryse verhoog.

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)

(Allokeer 'n maksimum van 4 punte vir die blote lys van feite/ voorbeelde.)

3.5 Hoe kan die herstelfase in die ekonomie aangemoedig word deur die onderskeie deelnemers? (4 x 2) (8)

- Huishoudings kan fondse wat hulle bespaar het gebruik om besighede oop te maak en so mense indiens neem en produksie verhoog.
- Die besighede kan lenings by banke aangaan en hulle besighede uitbrei om produksie te kan verhoog.
- Die regering kan investeer in infrastruktuur sodat ondernemings meer effektief kan wees met die begin/uitbreiding van hulle besighede.
- Die regering kan fondse beskikbaar stel (subsidies) om die kostes van goedere lag te hou en so die vraag in die mark te verhoog.
- Die buiteland kan meer investeer in besighede, hulle aandele koop of self besighede in die land oprig wat werk sal skep en 'n groter toename in produksie.

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)

(Allokeer 'n maksimum van 2 punte vir die blote lys van feite/voorbeelde.)

AFDELING C

VRAAG 5

Bespreek in detail die nuwe ekonomiese paradigma in die effening van sakesiklusse.
(26 punte)

INLEIDING

Sakesiklusse is opeenvolgende periodes van groei en afname in ekonomiese aktiwiteite.

✓✓

(Maks 2)

INHOUD: HOOFDEEL

Die nuwe ekonomiese paradigma is vervat in beide die vraag- en aanbodkant-beleide. ✓✓

Vraagkantbeleide

- Dit fokus op die totale vraag in die ekonomie. ✓✓
- Wanneer huishoudings, firmas en die staat meer spandeer, sal die vraag in die ekonomie toeneem. ✓✓
- Dit laat die ekonomie groei maar kan lei tot inflasie. ✓✓

Inflasie✓

- Die totale vraag neem vinniger toe as totale aanbod, dit veroorsaak 'n styging in die algemene pryspeil. ✓✓
- Indien die aanbod nie in dieselfde mate gaan styg as die vraag nie, gaan pryse styg. ✓✓
- Dit veroorsaak inflasie, wat 'n volgehoue en aansienlike styging in die algemene pryspeil is✓✓

Werkloosheid: ✓

- Vraagkant-beleide is effektief in die stimulering van ekonomiese groei. ✓✓
- Ekonomiese groei kan lei tot 'n styging in die vraag na arbeid. ✓✓
- Die gevolg: meer mense word in diens geneem en indiensname styg ✓✓
- Soos werkloosheid afneem neig inflasie om toe te neem. ✓✓
- Die verhouding tussen werkloosheid en inflasie word geïllustreer in die Phillipskurwe. ✓✓

Aanbodkantbeleide

Vermindering in koste ✓

- Infrastrukturele dienste ✓- Billike tariewe en effektiewe dienste soos vervoer, kommunikasie en water asook energievoorsiening. ✓✓
- Administratiewe kostes ✓- Hierdie koste sluit in inspeksie, verslae oor die toepassing van 'n verskeidenheid wette regulasies en verordeninge, belasting terugbetalings, betalings ten opsigte van statistiese inligting. ✓✓Dit alles dra by tot hoër koste in besighede. ✓✓In SA dra besighede 'n swaar las aan administratiewe kostes. ✓✓
- Kontant aansporings ✓- Sluit in subsidies vir besighede om hulself in afgeleë gebiede te vestig waar werkloosheid hoog is. ✓✓

Verbetering in die effektiwiteit van insette ✓

- Belastingkoerse ✓- Lae belastingkoerse kan werkers aanspoor en produktiwiteit verbeter. ✓✓
- Kapitaalverbruik ✓- Gereelde vervanging van kapitaalgoedere (toerusting en masjinerie) bied aan besighede die geleentheid om in pas te bly met die jongste tegnologiese ontwikkelings, wat uitset verbeter. ✓✓
- Ontwikkeling van menslike hulpbronne ✓- Om die kwaliteit van mannekrag te verbeter deur die verbetering van gesondheidsorg, onderwys en opleiding. ✓✓
- Gratis adviesdienste ✓- bevorder uitvoergeleenthede. ✓✓

Verbetering in die effektiwiteit van markte ✓

- Deregulering ✓- Die verwydering van wette, regulasies, ordonansies en ander vorme van staatsbeheer, verseker 'n vryer mark omgewing. ✓✓
- Kompetisie ✓- Moedig die vestiging van nuwe besighede aan. ✓✓
- Gelyke speelveld ✓- Privaat besighede kan nie met publieke ondernemings kompeteer nie. ✓✓

(Maks 26)

SLOT

Die "nuwe ekonomiese paradigma" moedig dus ekonomiese stabiliteit aan deur deurdagte, langtermyn beleidsbesluite wat met vraag en aanbod verband hou ✓✓

(Maks 2)

Bespreek in besonderhede die kenmerke onderliggend aan vooruitskatting van sakesiklusse.

(26 punte)

INLEIDING

'n Sakesiklus kan omskryf word as opeenvolgende periodes van inkrimping en uitbreiding van ekonomiese aktiwiteite ✓✓

(Maks 2)

HOOFDEEL

Aanwysers

Leidende aanwysers ✓

- Leidende aanwysers gee verbruikers, ondernemings en die staat 'n vlugtige blik van die rigting waarin die ekonomie mag beweeg. ✓✓
- Wanneer hierdie aanwysers verbeter, sal die vlak van ekonomiese aktiwiteite 'n paar maande later ook verbeter. ✓✓
- Voorbeelde van leidende aanwysers is advertensieruimte vir werksgeleenthede; voorraadhouing; en verkope. ✓✓

Samevallende aanwysers ✓

- Samevallende aanwysers beweeg saam met die ekonomie in tyd. ✓✓
- Hulle dui die werklike toestand van die ekonomie aan. ✓✓
- Voorbeelde van hierdie aanwysers is die waarde van kleinhandelverkope en die reële BBP ✓

Sloerende aanwysers

- Sloerende aanwysers sal nie van rigting verander tot nadat die sakesiklus van rigting verander het nie. ✓✓
- Voorbeelde sluit in ure gewerk in konstruksie en totale aantal kommersiële voertuie verkoop. ✓✓

Saamgestelde aanwysers ✓

- Dit is 'n groepering van verskeie aanwysers van dieselfde soort tot 'n enkele waarde ✓✓
- Die enkelsyfer verteenwoordig die norm van 'n land se ekonomiese prestasie. ✓✓

Ekstrapolasie ✓

- Ekstrapolasie beteken om iets onbekend te beraam uit feite en inligting wat bekend is ✓✓
- Ekstrapolasie tegnieke word somtyds gebruik om aandeelpryse in die toekoms te voorspel ✓✓

Amplitude ✓

- Dis die verskil tussen die waarde van totale uitset tussen die piek en trog gemeet van die tendenslyn tot die piek en trog ✓✓
- Amplitude toon die intensiteit van die opswaai en afswaai in ekonomiese aktiwiteit ✓✓

Tendenslyn ✓

- Die tendenslyn toon die algemene rigting waarin die indekse beweeg wat gebruik word in sakesiklusse ✓✓
- As die ekonomie groei, is daar 'n opwaartse neiging, maar wanneer die ekonomie krimp, is daar 'n dalende neiging ✓✓

Lengte ✓

- Lengte word gemeet van piek tot piek of van trog tot trog ✓✓
- Langer siklusse toon sterker en korter siklusse wat swakpunte toon met betrekking tot ekonomiese aktiwiteite ✓✓

Bewegende gemiddeldes ✓

- Hierdie metode bereken herhaaldelik 'n reeks verskillende gemiddelde waardes saam met 'n tydreeks om 'n gladde kromme te lewer ✓✓
- Dit word gebruik om die veranderinge in 'n tydreeks te ontleed oor 'n sekere tydperiode ✓✓

(Maks 26)

SLOT

Beleidmakers moet al hierdie aanwysers noukeurig dophou omdat eksterne faktore baie belangrik is vir Suid-Afrikaanse sakesiklusse ✓✓

(Maks 2)

SESSIE 2

ONDERWERP 3: OPENBARE SEKTOR

- Probleme – voorsiening
- Redes vir openbare sektormislukking
- Effekte van openbare sektor mislukking
- 5 Makro-ekonomiese doelwitte

PROBLEME – VOORSIENING

1. Aanspreeklikheid
2. Doeltreffendheid
3. Behoeftbepaling
4. Prysbeleid
5. Parastatale
6. Privatisering

REDES - MISLUKKING

1. Bestuursmislukking
2. Onverskilligheid
3. Gebrek aan motivering
4. Burokrasie
5. Strukturele swakhede
6. Spesiale belange groepe

KENMERKE: Ondoeltreffendheid
Ooneffektiwiteit

EFFEKTE VAN OPENBARE SEKTOR MISLUKKING

- **Verdeling van hulpbronne –** Vermorsing van hulpbronne moet verhoed word
- **Ekonomiese stabiliteit –** Deur fiskale en monetêre beleid
- **Verdeling van inkome –** Progressiewe inkomstebelasting stelsel behoort herverdeling van inkome te verbeter
- **Sosiale stabiliteit –** Gratis dienste en kontanttoelaes aan armes

5 MAKRO EKONOMIESE DOELWITTE

1. Prysstabiliteit
2. Wisselkoersstabiliteit
3. Ekonomiese Groei
4. Volle Indiensname
5. Ekonomiese gelykheid/Ekonomiese regverdigheid

BEGROTING

Beskrywing: Regering se verwagte inkomste en beplande uitgawes vir een jaar

Tydperk: 1 April – 31 Maart

Twee kategorieë:

* **Hoof (nasionale) begroting –** einde Februarie

* **MTBBV** Mediumtermyn begroting beleidsverklaring – 3-jaar begroting – Oktober

Ander **bronne van inkomste:** Lenings, Donasies, Administratiewe inkomste


FISKALE BELEID

Kenmerke: Doelwitgebonde
Vraagsydig
Siklies

Samestelling: Besteding
Belasting
Lenings (Staatskuld)

Effekte: Inkomsteverdeling
Verbruik
Prysvlak
Nie aansporings/aansporings
* *Lafferkurwe*
Diskresie

* Lafferkurwe



VOORBEELDE VAN VRAE

AFDELING A VRAAG 1

- 1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.9 D.
- 1.1.1 Watter EEN van die volgende word in Oktober aangebied om die parlement in kennis te stel van die veranderinge in die begroting sedert Februarie?
- A. Hoofbegroting
 - B. Mediumtermyn-begrotingsbeleidsverklaring ✓✓
 - C. Mediumtermyn-bestedingsraamwerk
 - D. Nasionale begroting
- 1.1.2 Die ... regering sluit metropolitaanse, distrikte en munisipaliteite in.
- A. plaaslike
 - B. provinsiale ✓✓
 - C. nasionale
 - D. sentrale
- 1.1.3 Die opheffing van onnodige beperkings deur die wet staan bekend as ...
- A. deregulering. ✓✓
 - B. onttrekking van die regering.
 - C. regulasie.
 - D. mark ekonomie.
- 1.1.4 Die...-kurwe illustreer die verband tussen belasting en staatsinkomste.
- A. Philips
 - B. Lorenz
 - C. Laffer ✓✓
 - D. Vraag
- 1.1.5 Dit verwys na die oordrag van funksies, aktiwiteite en eienaarskap van die private sektor na die openbare sektor.
- A. Regulering
 - B. Privatisering
 - C. Nasionalisering ✓✓
 - D. Deregulering

1.1.6 'n Belastingstelsel is progressief as ...

- A. 'n toename in belasting pryse laat styg, maar lone daal.
- B. die gemiddelde belastingkoers styg namate die belasbare inkomste afgeneem het.
- C. 'n toename in belasbare inkomste 'n toename in betaalde belasting veroorsaak.
- D. die marginale belasting styg terwyl die gemiddelde belastingkoers daal. ✓✓

1.1.7 Wanneer die regering ouderdomspensioene betaal, gryp hy in die ekonomie in deur ...

- A. goedere en dienste te koop.
- B. arbeid in diens te neem.
- C. oordragbetalings te doen. ✓✓
- D. belasting te verhoog.

1.1.8 Prysstabiliteit impliseer dat ...

- A. inflasie laag moet wees. ✓✓
- B. pryse glad nie mag verander nie.
- C. lone moet dieselfde wees.
- D. pryse in alle lande moet dieselfde wees.

(8 x 2) (16)

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat ooreenstem met die item in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A-I) langs die vraagnommer (1.2.1 - 1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM A	KOLOM B	
1.2.1 Semi-staatsinstellings	A	Persoon word vereis om 'n verduideliking van hul besluite en besteding gee
1.2.2 Aanspreeklikheid	B	Belasting opgelê op verbruikers wanneer hulle goedere en dienste koop
1.2.3 Belasting op toegevoegde waarde	C	Dit is nie moontlik om mense uit te sluit van die gebruik van goedere sodra dit voorsien is nie
1.2.4 Laffer-kurwe	D	Toon die verband tussen belastingkoerse en belastinginkomste
1.2.5 Nasionale begroting	E	SBO'e wat openbare goedere verskaf
1.2.6 Aksynsbelasting	F	Die verklarings van regerings se beplande uitgawes en verwagte inkomste
1.2.7 Medium termyn bestedingsraamwerk	G	'n Stelsel van begroting wat vereis dat die staat 'n lopende begroting vir drie jaar opstel
1.2.8 Kollektiewe goedere	H	Belasting opgelê op sekere luukse artikels

(8 x 1) (8)

- 1.2.1. E SBO'e wat openbare goedere verskaf✓
 1.2.2. A Persoon vereis word om 'n verduideliking van hul besluite en besteding gee✓
 1.2.3. B Belasting opgelê op verbruikers wanneer hulle goedere en dienste te koop✓
 1.2.4. D Toon die verband tussen belastingkoerse en belastinginkomste✓
 1.2.5. H Belasting gehef op sekere luukse artikels ✓
 1.2.6. F Die verklarings van regerings beplan uitgawes en verwagte inkomste ✓
 1.2.7. G 'n Stelsel van begroting wat vereis dat die staat 'n lopende begroting vir drie jaar opstel ✓
 1.2.8. C Dit is nie moontlik om mense uit te sluit van die gebruik van goedere sodra dit voorsien is nie ✓

1.3 Gee die term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer neer. **GEEN AKRONIEME, AFKORTINGS EN VOORBEELDE SAL AANVAAR WORD NIE.**

1.	Staatsamptenare moet rekenskap kan gee van hul besluite en optrede; verantwoordelikheid vir die doeltreffende lewering van dienste en die implementering van beleide.	Aanspreeklikheid
2.	'n Dokument wat verwagte inkomste en beraamde besteding uiteensit	Begroting
3.	Indirekte belasting op goedere en dienste wat in die ekonomie verbruik word	Belasting op Toegevoegde Waarde
4.	'n Amptenaar werksaam in 'n staatsdepartement	Burokraat
5.	Opheffing van onnodige wetlike beperkinge	Deregulering
6.	Belasting wat nie na die eindgebruiker afgeskuif word nie, bv. LBS	Direkte belasting
7.	Staatsamptenare verskaf goedere en dienste stiptelik en in die regte hoeveelheid en kwaliteit aan die publiek.	Doeltreffende voorsiening
8.	Bv. polisiestasies. Almal kan dit gebruik, of hulle bereid is om daarvoor te betaal of nie	Gemeenskapsgoedere
9.	Belastings gehef op die verkope van goedere en dienste	Indirekte belasting
10.	Goedere wat aan die hele gemeenskap verskaf word Bv. parke en openbare geriewe. Mense wat nie wil betaal nie, kan uitgesluit word deur die heffing van fooie	Kollektiewe goedere
11.	Toon die verwantskap tussen (inkomste) belastingkoerse en belastinginkomste.	Laffer-kurwe
12.	Die regering se beleidsverklaring opgestel vir 'n drie-jaar begroting	Mediumtermyn begrotingsbeleidsraamwerk
13.	Beraamde inkomste en besteding vir 'n drie-jaar tydperk	Mediumtermyn bestedingsraamwerk

14.	Goedere en dienste wat meer maatskaplike voordeel as privaat voordeel het, bv. gesondheidsdienste	Meriete goedere
15.	Besluit oor die land se monetêre beleid	Monetêre beleidskomitee
16.	Betrokke by nasionale aangeleenthede, bv. gesondheid, verdediging	Nasionale/sentrale owerheid
17.	Oordrag van funksies en eienaarskap van die privaat sektor na die openbare sektor	Nasionalisering
18.	Dit is skadelik vir die gemeenskap. bv. sigarette	Nie-meriete goedere
19.	Staatsamptenare misluk in die lewering van dienste aan die publiek, as gevolg van burokrasie, onbevoegdheid en korrupsie.	Ondoeltreffende voorsiening
20.	Verskaf deur die staat vir gebruik deur al die landsburgers, bv. openbare biblioteke	Openbare goedere en dienste
21.	Betrokke by plaaslike aangeleenthede van 'n dorp of munisipale gebied, bv. elektrisiteitsvoorsiening, biblioteke, verkeersbeheer en afvalverwydering.	Plaaslike regering
22.	Verwys na die oordrag van funksies en eienaarskap van die openbare na die privaatsektor	Privatisering
23.	Verseker 'n meer gelyke verdeling van inkome. Hoër-inkomste groepe betaal meer belasting as laer-inkomste groepe.	Progressiewe belastingstelsel
24.	Betrokke by die administrasie van die nege provinsies en die ekonomiese kwessies wat eie is aan elke provinsie.	Provinsiale/ streeksowerheid
25.	Veroorsaak 'n ongelyke verdeling van inkome. Laer-inkomstegroepe betaal meer belasting as hoër-inkomstegroepe	Regressiewe belastingstelsel
26.	Plaas wette in plek om aktiwiteite te orden	Regulering
27.	Besighede wat in geheel of gedeeltelik deur die staat besit word, en wat deur 'n openbare owerheid bestuur word, bv. Eskom en SAA	Staatsbeheerde ondernemings/ Parastatale
28.	Hanteer ekonomiese en ander kwessies wat spesifiek in 'n streek/provinsie voorkom	Streeksowerheid

AFDELING B


VRAAG 4

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem TWEE oorwegings wat in ag geneem moet word wanneer die begroting opgestel word. (2 x 1) (2)

Finansiële
Ekonomiese
Politieke

- 4.1.2 Verduidelik die verband tussen beleggingsvertroue en ekonomiese groei. (1 x 2) (2)
 Indien die beleggingsvertroue verbeter in die ekonomie, burgers van die land of internasionaal, sal dit beteken dat hierdie beleggers meer vertroue het om hulle geld in die land te investeer en so kan besighede groei en meer produseer. Dit dra by tot 'n toename in die BBP wat vir ons ekonomiese groei is.
 (Aanvaar enige ander relevante antwoord)
- 4.2 Bestudeer die onderstaande spotprent en beantwoord die vrae wat volg.



- 4.2.1 Identifiseer die parastataal wat besig is om te sink in die bostaande spotprent. (1)
 Eskom
- 4.2.2 Noem enige ander parastataal in Suid-Afrika. (1)
 SAL / SAUK / TRANSNET / Denel
 (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)
- 4.2.3 Beskryf kortliks die term *staatsbeheerde onderneming*. (2)
 'n Besigheid wat geheel of gedeeltelik deur die staat besit word en deur 'n openbare owerheid bestuur word.
 (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)
- 4.2.4 Verduidelik hoekom wanbestuur tot ondoeltreffendheid sal lei. (2)
- Politici is geneig om beleide te bevorder en aan te hou om geld aan produkte te bestee as hulle stemme in ruil daarvoor kan kry.
 - Hierdie hulpbronne kan ondoeltreffende toewysing van hulpbronne behels.
 - Gebrek aan vaardighede, ondervinding en kwalifikasies lei tot swak bestuur wat lei swak dienslewering het.
- (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)
- 4.2.5 Hoe beïnvloed openbare sektor mislukking ekonomiese stabiliteit? (2 x 2) (4)
- Dit sal lei tot 'n algehele afname in ekonomiese welsyn.
 - Die regering is nie in staat om die fiskale beleid effektief te gebruik nie.
 - Staatsbesteding en belasting kan nie gebruik word om ons ekonomie te stimuleer wanneer ons in 'n resessie is nie.

- Dit kan ook nie gebruik word om ons ekonomie in te krimp wanneer ons hoë vlakke van inflasie ervaar nie.
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)

4.3 Bestudeer die inligting en beantwoord die vrae wat volg

**'N SEE VAN ONDERSTEUNING VIR
SKOONMAAK VAN DURBAN STRAND**



Meer as 100 mense het Saterdag na Durban se strande gestroom - nie vir plesier in die son nie, maar vir 'n groot opruiming na die verwoestende vloede wat KwaZulu-Natal week gelede getref het.
'Die grootste probleem is nie die plastiek en afval op die strande nie, dit is wat in rivierstelsels opbou as gevolg van verbruikersgedrag en dienslewering in die binneland, saam met swak ontwerpte verpakking

Bron: <https://www.news24.com/news24/southafrica/news/'n-see-van-ondersteuning-vir-Durban-strand-skoonmaak-20190427>

- 4.3.1 Noem die voorbeeld van kollektiewe goedere hierbo. (1)
Strande
- 4.3.2 Noem EEN negatiewe eksternaliteite uit die uittreksel? (1)
Plastiek
Afval
- 4.3.3 Beskryf kortliks die term *gratis ryer* ("free rider"). (2)
'n Persoon wat nie die goedere en dienste betaal wat hy of sy verbruik nie / persoon wat voordeel trek uit iets sonder om moeite te doen of daarvoor te betaal. Met ander woorde, gratis ryers is diegene wat goedere gebruik sonder om daarvoor te betaal
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)
- 4.3.4 Waarom veroorsaak eksternaliteite ondoeltreffendheid? (2)
Eksternaliteite hou fundamentele ekonomiese beleidsprobleme in as individue, huishoudings en ondernemings nie die indirekte koste van of die voordele van hul ekonomiese transaksies internaliseer nie.
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)

4.3.5 Onderskei tussen meriete- en nie-meriete goedere.

(2x2) (4)


Meriete goedere

- is dienste waarvan die voorsiening meer openbare voordeel het as private voordeel.
- Hierdie goedere of dienste word ondervoorsien deur die regering.

Nie-meriete goedere

- is dienste wat sosiaal ongewens is as gevolg van die negatiewe gevolge wat dit op die verbruikers self ervaar.
 - Dit kan te veel verbruik word as dit aan markkragte oorgelaat word.
- (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)

4.4 Verduidelik, met behulp van 'n goed benoemde Laffer-kromme, die uitwerking van 'n belastingkoerstoenname op staatsinkome. (8)



Uitwerking van belastingtoename op die staatsinkome:

- As die belastingkoers styg, sal belastinginkome styg
 - Waar die kromme piek (teen belastingkoers t) sal belasting aan die owerheid maksimeer
 - Teen belastingkoerse hoër as t , sal staatsinkomste daal omdat werkers weier om te werk of om hul inkomste te verklaar (belastingvermyding / -ontduiking) (Maks 4)
- (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
 (Allokeer 'n maksimum van 4 punte vir die blote lys van feite/voorbeelde)

4.5 Evalueer prysstabiliteit as 'n hoofdoelwit van die Suid-Afrikaanse regering. (4 × 2)(8)

- Prysstabiliteit beteken dat pryse van goedere en dienste relatief konstant moet bly oor tyd.
- Die SARB strewende daarna om die inflasiekoers binne die 3% tot 6% teikenband.
- Die SARB is redelik suksesvol om die inflasiekoers binne die inflasietekens van 3% tot 6% te hou.
- Dit is egter 'n stryd die afgelope jaar om prysstabiliteit te handhaaf as gevolg van die stygende petrolpryse, kragonderbrekings en die Oekraïne-Rusland oorlog.
- Voedselinflasie het bo die 6% teiken gestyg.
- Die SARB gebruik rentekoerse as die monetêre beleidsinstrument om prysstabiliteit te handhaaf.
- Die Monetêre Beleidskomitee ontmoet op 'n gereelde basis om maatreëls toe te pas om prysstabiliteit te handhaaf.

(Aanvaar enige relevante en korrekte antwoord)

(Allokeer 'n maksimum van 2 punte vir die blote lys van feite/voorbeelde)

AFDELING C

VRAAG 5

Bespreek in detail die hoof makro-ekonomiese doelwitte van die openbare sektor.
(26 punte)

INLEIDING

Die owerheid speel 'n rol in die regulering van ekonomiese aktiwiteite en rig en vorming van die ekonomie. ✓✓ **(Maks 2)**

INHOUD: HOOFDEEL

1. **Ekonomiese groei** ✓
 - Verwys na 'n toename in produksie van goedere en dienste in die ekonomie ✓✓
 - Dit word gemeet in terme van Reële Bruto Binnelandse Produk ✓✓
 - Die staat poog om deurlopende verbetering in die produktiewe kapasiteit van die land te verseker ✓✓
 - Om te verseker dat ekonomiese ontwikkeling (verbeterde lewenstandaard) voorkom, moet die ekonomiese groeikoers hoër as die bevolkingsgroeikoers wees ✓✓
 - In kwartaal 4 van 2021 het die reële BBP met 1,2% in Suid-Afrika gegroei ✓✓
2. **Volle indiensname** ✓
 - Die staat poog om werkloosheid te verlaag, aksie te neem en te verseker dat almal wat wil werk en wat werk soek werk kry of vir hulself werk verskaf ✓✓
 - Gestremde persone se status in SA benadeel hulle ✓✓
 - Huidiglik is werkloosheidskoers 33,9% in Suid-Afrika ✓✓
3. **Wisselkoersstabiliteit / betalingsbalans ewewig** ✓
 - Die staat poog om betalingsbalans ewewig te behou om die land se geldeenheid te beskerm ✓✓
 - Depresiasie en appresiasie van 'n land se geldeenheid skep groot onsekerheid by produsente en handelaars en moet tot 'n minimum beperk word ✓✓
 - Owerheid bestuur ekonomie deur monetêre- en fiskale beleid daar te stel gerig op langtermyn stabiliteit van die wisselkoers ✓✓
 - Dit word bereik deur te verseker dat die vloei van geld uit die land uit, nie die invloei van geld in die land sal oorskrei nie (uitvoere moet invoere oorskrei) ✓✓
4. **Prysstabiliteit** ✓
 - In 'n gemengde ekonomie, fluktueer pryse soos vraag en aanbod verander ✓✓
 - Gereelde en aansienlike veranderinge in pryse beïnvloed ekonomiese groei en indiensneming ✓✓
 - Markeconomie presteer beter in toestande waar pryse stabiel is ✓✓
 - in Suid-Afrika is relatiewe prysstabiliteit 'n inflasiekoers van tussen 3 en 6%. ✓✓
5. **Ekonomiese gelykheid** ✓
 - In 'n vryemarkeconomie is daar altyd die vrees dat ryk kapitaliste (wie al die produksiefaktore besig) net ryker word, terwyl armes armer raak ✓✓
 - Die staat poog deur sy ekonomiese beleid, om 'n meer gelyke verspreiding van inkomste en welvaart te skep ✓✓

- Progressiewe inkomstebelasting en belasting op wins, rykdom en besteding word gebruik om sosiale dienste, basiese onderwys, primêre gesondheidsorg, basiese ekonomiese dienste en toelae aan armes en ander kwesbare mense te betaal. ✓✓
(Maks 26)

SLOT

Ten spyte van die feit dat die staat wel suksesse behaal het, word die doelwitte van die staat gekniehalter deur 'n gebrek aan aanspreeklikheid, korrupsie, nepotisme, onbevoegdheid, ens. ✓✓
(Maks 2)

Bespreek in besonderhede die redes vir openbaresektor-mislukking.

(26 punte)

INLEIDING

Openbaresektor-mislukking kom voor wanneer die owerheid misluk om die ekonomie en die hulpbronne onder hulle beheer optimaal te bestuur ✓✓
(Maks 2)

INHOUD: HOOFDEEL

Bestuursmislukking ✓

- Onkunde lei tot die implementering van botsende of verkeerde beleide ✓✓
- Korrupsie bestaan wanneer regeringsbeamptes hulle posisies vir persoonlike gewin, uitbuit. ✓✓
- Omkoopgeld te neem, bedrog te pleeg, nepotisme, oneerlik op te tree en om te diskrimineer. ✓✓

Apatie/Onverskilligheid ✓

- Regeringsamptenare toon min of geen belang in die lewer van 'n doeltreffende diens aan die publiek nie ✓✓
- Dit is nie altyd maklik om openbaresektor-amptenare tot verantwoording te bring nie as gevolg van die groot arbeidsmag in die verskeie departemente ✓✓
- Korrupsie en swak dienslewering is van die simptome van apatie ✓✓

Gebrek aan motivering ✓

- Eerstevlakwerkers ontvang selde aansporings vir suksesvolle dienslewering, maar word slegs gemonitor op insette/lewering en die daaropvolgende prosedures en prosesse. ✓✓
- Gebrek aan motivering lei tot beperkte dienste, hoë koste en swak dienslewering ✓✓
- Daar is geen maatstaf vir doeltreffendheid of produktiwiteit nie en min beloning vir uitstekende prestasie en penalisering vir swak prestasie nie. ✓✓

Burokrasie ✓

- Regeringsamptenare neig om meer geïnteresseerd te wees om reëls te gehoorsaam as om die goedere en dienste doeltreffend aan die mense te lewer ✓✓
- Burokrate kan beleide manipuleer om hulleself ten koste van die mense te bevoordeel ✓✓

Politici ✓

- Politici neig om beleid te bevorder en geld op projekte te spandeer solank hulle in ruil daarvoor stemme kry. ✓✓
- Hierdie beleide kan dalk 'n ondoeltreffende toekenning van hulpbronne behels. ✓✓
- Politici kan hulle eie belang bevorder deur korrupsie, persoonlike en verskuilde agendas en verdagte motiewe. ✓✓

Strukturele swakhede ✓

- Doelwitte word nie behaal nie; werk en huise vir almal is nie realistiese en haalbare doelwitte nie. ✓✓
- Te aggressiewe herverdeling van inkomste en rykdom kan veroorsaak dat die regering nie hulle makro-ekonomiese doelwitte behaal nie. ✓✓

Spesiale belangegroepe ✓

- Vakbonde kan die owerheid beïnvloed om sekere wette goed te keur om hulle lede te bevoordeel. ✓✓
- Sakegroepe kan die owerheid beïnvloed om winsgewende kontrakte en gunstige regulasies aan hulle te gee. ✓✓

(Maks 26)**SLOT**

Suid-Afrika het 'n kreatiewe en mededingende privaat sektor nodig met nuwe tegnologieë wat entrepreneurs kan help om in nywerhede in te gaan wat deur die owerheid gedomineer word. ✓✓

(Maks 2)

ONDERWERP 4: INTERNASIONALE HANDEL

BUITELANDSE VALUTAMARK

- Redes vir Internasionale Handel
- Gevolge
- Beskrywing van Betalingsbalans
- Komponente van Betalingsbalans
- Regstelling van BB-onewewig
- Wisselkoersstelsels

REDES VIR INTERNASIONALE HANDEL

Vraagredes

- Grootte van bevolking
- Bevolking se inkomstevlak
- Toename in rykdom
- Voorkeure en smaak
- Verskille in verbruikerspatrone

Aanbodredes

- Natuurlike hulpbronne
- Uiteenlopende klimaat
- Arbeidsbronne
- Tegniese vaardighede
- Spesialisasie
- Kapitaal

ABSOLUTE EN VERGELYKENDE VOORDEEL

GEVOLGE VAN INTERNASIONALE HANDEL

1. Spesialisasie
2. Massaproduksie
3. Doeltreffendheid
4. Globalisering

BETALINGSBALANS

Beskrywing:

Rekord van invoer- en uitvoer transaksies

Komponente:

1. Lopende Rekening (invoere en uitvoere)
2. Kapitaaloordragrekening (hou verband met eienaarskap van vaste bates)
3. Finansiële Rekening (Direkte-; portefeulje-; ander beleggings)

LOPENDE REKENING

(Geld wat land binnekom)

- *Goedere Uitvoere*
- *Netto goud uitvoere*
- Dienste-ontvangste
- Inkome-ontvangste
- Lopende oordragte (indien +)

Verskil tussen twee – Saldo op Lopende rekening

(Geld uit land uit)

- *Goedere Invoere*
- Betaling vir dienste
- Inkomstebetalinge
- Lopende oordragte (indien -)

Verskil tussen *Uitvoere* en *Invoere* – Handelsbalans

WISSELKOERSSTELSELS

1. **Vryswewende wisselkoers** – Vraag en aanbod bepaal die wisselkoers
2. **Beheerde swewende wisselkoers** – Markkragte word toegelaat, binne perke
3. **Vaste wisselkoers** – devaluasie en revaluasie – deur die Regering (Geld: Appresiasie – Op; Depresiasie – Af)

REGSTELLINGS VAN BETALINGSBALANS

Onewewigtheid (disekwilibria) – kom

voor wanneer uitvloeï meer of minder as invloei is.

Metodes om dit reg te stel:

- Uitleen en leen by IMF
- Verandering in vraag (langtermynbeleide; Rentekoerse; Invoerbeheer; Valutabeheer)
- Verandering in wisselkoers

VOORBEELDE VAN VRAE

AFDELING A VRAAG 1

- 1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.9 D.
- 1.1.1 As land A in staat is om mielies en tee teen goedkoper koste as lande B en C te produseer, word daar gesê het land A 'n ... voordeel.
- A. absolute
 - B. beste
 - C. beperkende
 - D. vergelykende ✓✓
- 1.1.2 Die rekening wat rekords toon van beleggings deur Suid-Afrikaners in ander lande en buitelanders na Suid-Afrika, staan bekend as die... -rekening.
- A. lopende ✓✓
 - B. kapitaaloordrag
 - C. reserwe
 - D. finansiële
- 1.1.3 'n Internasionale organisasie wat geld leen aan lande met deurlopende betalingsbalansprobleme.
- A. Wêreldbank
 - B. Verenigde Nasies
 - C. Internasionale Monetêre Fonds ✓✓
 - D. Buitelandse valutamark
- 1.1.4 'n Toename in die aanbod van dollars in die Suid-Afrikaanse valutamark kan veroorsaak word deur ...
- A. meer Suid-Afrikaanse maatskappye wat kapitaalgoedere van die Verenigde State aankoop.
 - B. 'n styging in die goudprys. ✓✓
 - C. 'n afname in ekonomiese aktiwiteit in die Verenigde State.
 - D. meer Suid-Afrikaanse toeriste wat die Verenigde State besoek.
- 1.1.5 Die finansiële rekening hou rekord van die land se ...
- A. verkope en aankope van goedere en dienste aan die res van die wêreld.
 - B. in- en uitvloei van fondse uit verkope en aankope van bates. ✓✓
 - C. inkomste verdien deur huishoudings en ondernemings in die res van die wêreld.
 - D. goudreserwes en buitelandse valuta-reserwes.

1.1.6 Onder die stelsel van vryswewende wisselkoerse.

- A. Die geldeenhede van lande met 'n relatiewe hoë inflasiekoers is geneig om te appresieer.
- B. Die geldeenhede van lande met 'n relatiewe hoë inflasiekoers is geneig om te verswak.
- C. Die geldeenhede van lande met 'n relatiewe lae inflasiekoers is geneig om te verswak.✓✓
- D. Wisselkoerse is ongevoelig vir die verskil in die inflasiekoers tussen lande.

1.1.7 'n Styging in die rand prys van 'n buitelandse valuta sal gewoonlik ...

- A. Suid-Afrikaanse invoerders bevoordeel.
- B. Suid-Afrikaanse uitvoerders bevoordeel.
- C. invoerders sowel as uitvoerders in Suid-Afrika bevoordeel.
- D. skadelik wees vir beide invoerders en uitvoerders in Suid-Afrika✓✓

1.1.8 Die wisselkoers is die koers waarteen ...

- A. 'n land se goedere verhandel vir dié van 'n ander land
- B. die geldeenheid van een land verhandel vir die goedere van 'n ander land
- C. die dienste van een land verhandel vir die geldeenheid van 'n ander land
- D. valuta van verskillende lande omgeruil word ✓✓

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat ooreenstem met die item in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A-I) langs die vraagnommer (1.2.1 - 1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Buitelandse reserwes	A	Prys van geldeenheid van een land in terme van geldeenheid van 'n ander land
1.2.2	Ruilvoet	B	Die uitruil van goedere of dienste oor internasionale grense
1.2.3	Wêreldbank	C	Wanneer verbruikers en produsente vry is om goedere en dienste oral in die wêreld te koop sonder enige beperkings
1.2.4	Wisselkoers	D	Alle geldeenhede van ander lande in besit van die Suid-Afrikaanse Reserwebank
1.2.5	Portefeulje-belegging	E	'n Verklaring van 'n land se transaksies met die res van die wêreld
1.2.6	Betalingsbalans	F	Koop en verkoop van aandele
1.2.7	Internasionale handel	G	Die internasionale instelling wat ekonomiese herstel en ontwikkeling bevorder
1.2.8	Vryhandel	H	Die verhouding tussen uitvoerpryse en invoerpryse

(8 x 1) (8)

- 1.2.1 D✓ Alle geldeenhede van ander lande in besit van die Suid-Afrikaanse Reserwebank
- 1.2.2 H✓ Die verhouding tussen uitvoerprys en invoerprys
- 1.2.3 G✓ Die internasionale instelling wat ekonomiese herstel en ontwikkeling bevorder
- 1.2.4 A✓ Prys van een land se geldeenheid in terme van 'n ander land geldeenheid
- 1.2.5 F✓ Aandele / aandele koop en verkoop
- 1.2.6 E✓ 'n Verklaring van 'n land se transaksies met die res van die wêreld
- 1.2.7 B✓ Die uitruil van goedere of dienste oor internasionale grense
- 1.2.8 C✓ Wanneer verbruikers en produsente is vry om goedere en dienste op enige plek ter wêreld te koop sonder enige beperkings.

1.3 Gee die term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer neer. **AKRONIEME, AFKORTINGS EN VOORBEELDE SAL NIE AANVAAR WORD NIE.**

1.	Waar een land goedere of dienste goedkoper as 'n ander land kan produseer	Absolute voordeel
2.	De styging die prys van die geldeenheid in terme van die ander geldeenheid soos deur markkragte vraag en aanbod bepaal.	Appresiasie
3.	Dit is wisselkoerse wat toegelaat word om binne sekere perke op markkragte te reageer	Beheerde swewende wisselkoerse
4.	'n Sistematiese rekord van alle transaksies tussen een land en ander lande, bv. tussen Suid-Afrika en alle ander lande van die wêreld	Betalingsbalans
5.	Bepaal die relatiewe waardes van verskillende geldeenhede, en maak die omskakeling van geldeenhede moontlik om internasionale handel te fasiliteer.	Buitelandse valutamark/ valutamark
6.	Die daling in die prys van die geldeenheid in terme van die ander land se geld eenheid soos deur markkragte vraag en aanbod bepaal.	Depresiasie
7.	Die doelbewuste verlaging in die waarde van 'n geldeenheid in terme van 'n ander geldeenheid	Devaluasie
8.	Dit sluit transaksies verwant aan beleggings in, bv. beleggings in ondernemings	Direkte beleggings
9.	'n Belegging wat in 'n spesifieke bate gemaak word met 'n vaste toekomstige uitbetalingswaarde vir 'n spesifieke datum.	Finansiële afgeleide instrumente
10.	Internasionale beleggingstransaksies deur Suid-Afrikaners in ander lande en deur buitelanders in Suid-Afrika.	Finansiële rekening
11.	Die waarde van tasbare uitvoere minus tasbare invoere	Handelsbalans
12.	'n Internasionale organisasie wat geld leen aan lande met voortslepende betalingsbalansprobleme	Internasionale Monetêre Fonds
13.	Die ruil van goedere of dienste oor internasionale grense	Internasionale handel
14.	Internasionale transaksies wat verband hou met die eienaarskap van vaste bates; oordragte van fondse	Kapitaaloordrag-rekening

15.	'n Situasië waar een land 'n relatiewe voordeel het in die produksie van goedere en dienste	Vergelykende voordeel
16.	Teken internasionale transaksies met betrekking tot produksie, inkomste en besteding aan.	Lopende rekening
17.	Geld wat die land binnekom opgeweeg teen geld wat die land verlaat	Netto balans
18.	Maak voorsiening vir weglatings, tydsverskille en foute in die BB.	Onaangetekende transaksies
19.	Geld ontvang sonder dat enige produktiewe dienste gelewer is, bv. geskenke	Oordragbetalings
20.	Koop en verkoop ekwiteite en skuldsekuriteite, bv. aandele en verbande	Portefeuljebelegging
21.	Finansiële kapitaal wat gehou word deur monetêre owerhede soos 'n sentrale bank of IMF om handelsonewewig te finansier.	Reserwebates
22.	Die doelbewuste verhoging in die waarde van 'n geldeenheid in terme van 'n ander geldeenheid	Revaluasie
23.	Vergelyk 'n land se uitvoerpryse met sy invoerpryse deur middel van indekse.	Ruilvoet
24.	'n Finansieringsinstrument verdeel tussen lidlande van die IMF	Spesiale trekkingsregte
25.	Die stelsel waar die geldeenheid gerevalueer of gedevalueer word	Vaste wisselkoerse
26.	As verbruikers en produsente vry is om goedere en dienste enige plek ter wêreld te koop sonder enige beperkinge	Vryhandel
27.	Die waarde van die geldeenheid word suiwer deur die markkragte bepaal, dit is, die vraag na en die aanbod van rande.	Vryswewende wisselkoerse
28.	Die koers waarteen een geldeenheid verruil word vir 'n ander; dit word ook beskou as die waarde van een land se geldeenheid in terme van 'n ander land se geldeenheid	Wisselkoers

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE effekte van internasionale handel.

(2 x 1) (2)

- **spesialisasie**
- **massaproduksie / grootskaalse produksie/ekonomiese groei**
- **doeltreffendheid / kompetisie**
- **globalisering**

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

- 2.1.2 Watter uitwerking sal 'n daling in inkomstevlakke op internasionale handel hê? (1 x 2) (2)
- 'n Daling in inkomstevlakke impliseer dat minder geld spandeer word op goedere en dienste internasionaal.
 - 'n Daling in vraag binnelands en internasionaal wat tot 'n daling in internasionale handel lei.
- (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

2.2 Bestudeer die onderstaande tabel en beantwoord die vrae wat volg.

BETALINGSBALANS		
Lopende rekening	2017	2018
Goedere uitvoer	1 102 098	1 175 547
Netto goud uitvoere	66 411	71 678
Ontvangste vir dienste	210 238	210 415
Ontvangste vir inkome	81 637	96 507
- Goedere invoer	1 103 570	1 222 944
- Betaling vir dienste	215 544	217 939
- Betaling vir inkome	221 201	250 552
Lopende oordragte	-38 303	-35 674
Saldo op lopende rekening	-118 234	-172 962

[Bron: SARB Kwartaallikse Bulletin, June 2019]

- 2.2.1 Hoeveel rekeninge is daar in die betalingsbalans? (1)
Drie / 3
- 2.2.2 Watter rekening in die betalingsbalans toon die syfers van die handelsbalans aan? (1)
Lopende rekening
- 2.2.3 Beskryf kortliks die term *handelsbalans*. (2)
Is die fisiese uitvoere minus die fisiese invoere.
- 2.2.4 Wat kan Suid-Afrika doen om die uitvoer van goedere positief te beïnvloed? (2)
Suid-Afrika kan uitvoere beïnvloed:
- Deur die prestasie van die vervaardiging en dienste nywerhede te verbeter.
 - Met verwysing na tegnologie en produktiwiteit.
 - Deur die gebruik van produksiefaktore soos natuurlike hulpbronne, te maksimeer.
 - Besighede te voorsien van subsidies en aansporings.
- (Aanvaar enige ander korrekte en toepaslike antwoord)


2.2.5 Hoe word die ekonomie positief beïnvloed deur internasionale handel? (2 x 2) (4)

Dit beïnvloed nywerhede en lande deur:

- Groei te stimuleer wat mense se lewensstandaard kan verhoog.
- Plaaslike nywerhede met vergelykende voordeel sal suksesvol wees in die globale markte en diegene wat ondoeltreffend vergelyk met dieselfde nywerhede in ander lande, sal geneig wees om onder te gaan.
- Dit sal lei tot lande wat spesialiseer waarin hulle goed is.
- Dit lei groot markte na massaproduksie en toenemende doeltreffendheid.
- Dit lei na globalisasie wat internasionale koöperasie en kommunikasie verbeter.
- Skep interafhanklikheid tussen lande, wat hulle broos maak vir ekonomiese skokke wat buite hulle grense plaasvind.

(Aanvaar enige ander korrekte en toepaslike antwoord)

2.3 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



2.3.1 Watter aanbodkurwe dui 'n afname in die aanbod van dollar aan? (1)
A2A2

2.3.2 Watter tipe wisselkoersstelsel word tans in Suid-Afrika gebruik? (1)
Vryswewende wisselkoersstelsel

2.3.3 Beskryf kortliks die term wisselkoers. (2)
Dis die prys van een geldeenheid in terme van 'n ander geldeenheid.

2.3.4 Noem EEN faktor wat tot 'n toename in die aanbod van dollar kon gelei het. (2)

- Toename in die aantal VSA toeriste wat Suid-Afrika besoek
- 'n Toename in invoere vanaf SA na die VSA

(Aanvaar enige ander relevante antwoord)

- 2.3.5 Gebruik die grafiek hierbo om die uitwerking van die toename in die aanbod van VS-dollar op die R/V\$-wisselkoers te verduidelik. (2 x 2) (4)

VSA\$ - Depresieer

- Rede: Die aanbod van dollars styg van AA na A1A1 en die ewewigspunt beweeg van E na E1
- Die prys van dollars is vas teen P1 wat laer is

R - Appresieer

- Rede: Die vraag na rand styg van VV na V1V1 en die ewewigspunt skuif van E na E1
- Die prys van rand is vas teen P1 wat hoër is

- 2.4 Onderskei tussen die devaluasie en appresiasie van 'n geldeenheid. (2 x 4) (8)

Devaluasie:

- 'n Afname in die waarde van 'n geldeenheid deur owerhede(regering)
 - Verwys na 'n vaste wisselkoersstelsel
 - Die regering moet die geldeenheid devalueer om uitvoere te verbeter
 - Bv. Die owerheid kan die koers van \$1 = R10 verander na \$1 = 12
- (Maks 4)

Appresiasie:

- 'n Styging in die waarde van 'n geldeenheid te wyte aan markkragte
 - Tipies van 'n swewende wisselkoersstelsel
 - bv. \$1 = R10 verander na \$1 = 8
- Verbeter koopkrag (Maks 4)

- 2.5 Assesseer hoe 'n toename in invoerpryse en 'n toename in uitvoerpryse (ruilvoet) die Suid-Afrikaanse ekonomie beïnvloed. (2 x 4) (8)
- 'n Verandering in die ruilvoet kan tot die volgende lei:

'n Styging in uitvoerpryse kan lei tot:

- Die numeriese waarde van die ruilvoet / indeks verbeter.
- Toename in ekonomiese welvaart omdat meer geld die land inkom teen dieselfde koste/uitgawe.
- Alhoewel, oor die langtermyn kan die hoër uitvoerpryse lei tot 'n afname in die verkoopvolume, afhangende van die pryselastisiteit van die vraag.
- Dit kan lei tot 'n verlies in welvaart. (2 x 2)

'n Styging in invoerpryse kan lei tot:

- Die ruilvoet verswak/numeriese waarde van die ruilvoet/indeks verminder
- Verlies aan welvaart omrede meer hulpbronne gebruik moet word om die stygende invoerkoste te dek.

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2 x 2)

AFDELING C

VRAAG 5

Bespreek in detail die redes vir internasionale handel

(26 punte)

INLEIDING

Internasionale handel is die ruil van goedere en dienste tussen lande. ✓✓

(Maks.2)

INHOUD: HOOFDEEL

VRAAGREDES

Die grootte van die bevolking✓

- Indien die bevolkingsgroei styg veroorsaak dit 'n toename in vraag en daar is meer behoeftes wat bevredig moet word. ✓✓
- Indien die land nie oor genoegsame goedere en dienste beskik nie, moet dit van ander lande ingevoer word. ✓✓

Inkomstevlakke✓

- Veranderings in inkomste veroorsaak 'n verandering in die vraag na goedere en dienste. ✓✓
- 'n Toename in per capita-inkomste van mense veroorsaak groter vraag na goedere en dienste ✓✓
- Surplus vraag veroorsaak dat goedere en dienste uit ander lande ingevoer moet word. ✓✓

Verandering in die rykdom van die bevolking✓

- 'n Toename in welvaart lei tot 'n groter vraag na goedere. ✓✓
- Mense het meer toegang tot lenings - hulle kan groter en luukser goedere koop. ✓✓
- Indien die land self nie in hierdie luukse en hoogs tegnologiese produkte kan voorsien nie, moet sodanige goedere ingevoer word ✓✓

Voorkeure en smake✓

- Kan 'n rol speel in die bepaling van pryse, ✓✓
- bv. klante in Australië verkies 'n spesifieke produk wat hulle nie vervaardig nie en wat hulle moet invoer, en dit sal 'n hoër waarde hê as in ander lande. ✓✓

Die verskil in verbruikspatrone✓

- Word bepaal deur die vlak van ekonomiese ontwikkeling in die land, ✓✓
- 'n Swak ontwikkelde land het 'n groot vraag na basiese goedere en dienste, maar 'n laer vraag na luukse goedere. ✓✓

AANBODREDES

Natuurlike hulpbronne✓

- Hulle is nie eweredig versprei oor alle lande van die wêreld nie. ✓✓
- Dit wissel van land tot land en kan slegs gebruik word op plekke waar daar sulke hulpbronne is. ✓✓
- Bv. Suid-Afrika se goud- en diamantbronne het ons 'n voordeel gegee in die vervaardiging van goud en diamante. ✓✓

Klimaatstoestande✓

- Verskille in klimaatstoestande tussen lande maak dit vir sommige lande moontlik om sekere goedere teen 'n laer prys te produseer as ander lande. ✓✓
- Baie gewasse kan slegs in sekere klimaatstoestande en gebiede en in sekere soorte grond verbou word. ✓✓
- Topografie Bv. Brasilië is die grootste produsent van koffie ter wêreld. ✓

Arbeidshulpbronne✓

- Sommige lande het hoogs geskoolde arbeid met hoë produktiwiteitskoerse. ✓✓
- Hulle is in staat om goedere en dienste teen 'n laer prys te produseer as wat dit in ander lande geproduseer word. ✓✓
- Dit is ook 'n wêreldwye verskynsel dat sommige lande 'n vaardigheid en aanleg ontwikkel het vir die produksie van 'n sekere kommoditeit. ✓✓
- Bv. Die Switser (horlosiemaak). ✓

Tegnologiese hulpbronne✓

- Sommige lande het toegang tot tegnologiese hulpbronne wat hulle in staat stel om sekere goedere en dienste teen 'n lae eenheidskoste te produseer. ✓✓
- Verbeterde produksieprosesse, die beskikbaarheid van toerusting en masjinerie, en ander tegnologiese faktore beïnvloed die aanbod van goedere en dienste; ✓✓

Spesialisasie ✓

- Sommige lande spesialiseer in die vervaardiging van sekere goedere en dienste. ✓✓
- Deur te spesialiseer in die produksie van sekere goedere en dienste, kan 'n land voordeel trek uit skaalbesparings en dus die goedere teen 'n relatief goedkoper eenheidskoste vervaardig. ✓✓
- Dit lei dikwels tot massaproduksie as gevolg van arbeidsverdeling en meganisering. ✓✓

Kapitaal ✓

- Kan in sommige lande nie so maklik verkry word as in ander lande nie. ✓✓
- Vanweë 'n gebrek aan kapitaal kan sommige lande nie al die goedere produseer wat hulle self benodig nie, of hulle het miskien nie die gunstige toestande van ander lande nie. ✓✓
- In baie lande is daar 'n gebrek aan fisiese infrastruktuur en dit belemmer plaaslike produksie van goedere en dienste. ✓✓

(Maks 26)

SLOT

Die behoefte aan integrasie sal nooit absoluut wees nie omdat nasies van die wêreld mekaar nodig het om te oorleef en vir ontwikkelingsdoeleindes. ✓✓

(Maks 2)

